Geregistreer aan die Hoofposkantoor as 'n Nuusblad.

# Die O.B.

Jrg. 8 Kaapstad, Woensdag, 5 Oktober 1949 Prys 3d. No. 46

# NOG 'N KOMMUNIS HET ATOOMGEHEIME VIR V.S.A. NAGEVORS

**Tot watter mate die Kommuniste tydens die onheilige verbond van die afgelope oorlog toegang gehad het tot die Amerikaanse „atoomgeheime" het nogmaals verlede week geblyk toe nog 'n wetenskaplike se naam bekend gemaak is wat aan die Kommunistiese Party behoort het onderwyl hy navorsingswerk in atoomenergie gedoen het. Hy is professor Joseph Weinberg wat nou deur die kommissie van ondersoek na onamerikaanse bedrywighede beskuldig word dat hy oorlogstydse atoomgeheime aan 'n Kommunistiese spioen gegee het. Hy was lid van die Kommunistiese Party.**

'n Paar maande gelede is 'n ander wetenskaplike, dr. Oppenheimer, uit 'n atoom-navorsinglaboratorium ontslaan omdat uitgevind is dat hy vier jaar lank lid van die Kommunistiese Party was.

**Die moeilikheid is natuurlik dat tydens die oorlog daar geen navraag gedoen is na lidmaatskap van die Kommunistiese Party nie. Toe was Kommuniste baie groot helde in Amerikaanse oë—selfs „Christene" nadat Roosevelt Stalin beweeg het om „'n gunstige indruk" op die Amerikaanse volk te maak deur erkenning van die kerk in Rusland.**

Dit was eers lank nadat Stalin sy vetoreg in die V.V.O. begin misbruik het, dat die Amerikaanse politici begin skrik het vir hul rooi vriende.

## GROOTRAAD BYEEN

'n Vergadering van die Grootraad word gehou op 10 en 11 November, in Bloemfontein. Dit begin om 7-uur Donderdagaand in die komiteekamer van die stadsaal.

## Britse Regering Slaan Ook Sy Slag Op Die Aandelebeurs

Die Britse regering het die maksimum munt probeer slaan uit Suid-Afrika se goud tydens die devaluering van die pond. Nie alleen het hy seker gemaak dat hy die volle wins van £35,000,000 opstryk uit die £80 miljoen-lening van die Unie deur nog oorbodiglik die laaste £12 miljoen in sterling terug te betaal voordat die goudwaarde vermeerder nie, maar hy het ook die geleentheid te baat geneem om bors aan bors met die spekulante in die Londense strate sy slag te slaan op die aandelebeurs.

Toe dit blyk dat die goudaandele die hoogte inskiet, het die Britse departement van finansies sy brandkas oopgesluit en daar 'n stywe pak goudaandele wat hy as skuld van Franse spekulante opgevorder het, uitgehaal. Sommer met die eerste transaksie het hy sy £1,500,000 gemaak, en 'n paar dae later is berig dat hy nog £200,000 aandele verkoop het. Of daar intussen nog 'n mooi bedraggie op die aandelebeurs uitgeslaan is, is nog nie bekend nie.

## Besigheid

In 1875 het Brittanje die beheer oor die Suez-kanaal vir £4 miljoen gekoop. Hierdie belegging het hom oor die jare sedertdien die pragtige diwidend van £63½ miljoen in die skoot laat val. Die jaarlikse winste op die oomblik is £1½ miljoen.

## TYD VIR FLUITJIE OM TE BLAAS

**In sy voorsittersrede op die H.N.P.-kongres verlede week op die Paarl het min. S. P. le Roux 'n oulike beeld gebruik om die partystryd tussen die regering en die opposisie te skets. Na aanleiding van die All Blacks se manier om in die skrum plat te val sodra die bal na die teenstanders se kant gaan, het die Minister hom as volg uitgelaat:**

„Die rol van die opposisie is daarop gemik om Suid-Afrika se belange te benadeel. Die Verenigde Party val op die bal. Wanneer die Nasionale Party punte wil aanteken, wil die Verenigde Party die spel smoor en belemmer. Daardie party saboteer die regering se pogings.

„As die Verenigde Party aanhou om hierdie vuil spel te speel, deur die regering se pogings te saboteer en in die skrum en op die bal te val, sal die Nasionale Party hom op die skeidsregter — die kiesers — moet beroep."

Die vraag is: wat moet die „skeidsregter" doen? Moet hy maar net strafskoppe (stemme) toeken aan die Nasionale Party-span, en indien wel, wat kan daarmee bereik word? **Die opposisie is mos reeds in die opposisie en 'n paar stemme meer of minder verander nie veel van sy opposisieskap nie** — veral nie waar sy eintlike kwaad nie in sy aantal L.V.'s in die parlement lê nie, **maar in sy sterk pers** — die wind waarteen die Nasionale Party-Geffin (Nossel?) sal moet skop om sy punte aan te teken.

**Die enigste alternatief vir die skeidsregter is om die fluitjie te blaas vir die einde van die spel. As voetbal nie meer voetbal is nie, dan moet die spel beëindig word.**

**In elk geval eindig selfs 'n toetswedstryd na 90 minute. Die spel waarna die minister hierbo verwys, duur nou al meer as veertig jaar. Selfs al sou die spel skoon gespeel word, is die volk al moeg om daarna te kyk. Die tyd het aangebreek vir die spelers sowel as die skeidsregter om nou weer 'n slag te gaan werk — selfs die Engelse glo dat „all play and no work" nie 'n goeie ding is nie, al is hulle die uitvinders van omtrent alle bal-spelle, ook van die parlementêre spel.**

# MILNER HET TEVERGEEFS OP KABINETSKRISIS IN BOERE-STELSEL GEWAG

**Die volgende is die merkwaardige verhaal van 'n „kabinetskrisis" wat afgespeel is in die ou Suid-Afrikaanse Republiek in die jaar 1897. Die historiese gegewens verskyn in die besonder interessante boek van dr. J. H. Breytenbach: „Die Voorspel tot Die Stryd," en die verhaal word hier oorvertel met sekere gevolgtrekkinge en beskouinge daarby gevoeg.**

**Die twee hooffigure is die groot Afrikaner, Paul Kruger, en sy geslepe Britse opponent Milner. Paul Kruger was in die laaste jaar van sy derde ampstermyn as President van die Z.A.R. en Hoë Kommissaris Milner; wat graag Kruger se land wou hê, was op die loer om te sien of hy nie die Transvaal kon inpalm sonder die moeite en uitgawe van 'n oorlog nie. Hy was 'n opgeleide diplomaat wat getrag het om die Transvaal net so in te palm as wat Shepstone dit in 1877 gedoen het.**

Dit sou egter hierdie keer nie so maklik gaan nie, want nie alleen was die Transvalers baie op hulle hoede na die Jameson-inval van 1896 nie, maar hierdie keer het Brittanje te doen gehad met 'n Kruger en nie 'n T. F. Burgers nie. Dit was duidelik dat solank Kruger sy gesagsposisie as president kon handhaaf die kanse om van die Transvaal 'n vasal van Engeland te maak maar skraal was. **Indien Kruger van die politieke toneel sou verdwyn of 'n groot politieke terugslag ondervind sou Milner se kanse op sukses aansienlik toeneem.**

As opgeleide diplomaat en fyn kenner van die politiek en die parlementêre stelsel, het Milner gereken dat hy Paul Kruger se plek op die politieke skaakbord kon bepaal en gevolglik die tyd van sy ondergang kon bereken.

Kruger, 'n veteraan van die oorlog van 1881 het seker soos alle oorlogsleiers teen die tyd sy grootste populariteit agter die rug gehad en die politieke wiel sou nou stellig weer iemand anders op die boonste sport plaas!

### SIEN „KRAKE"

In 1897 het daar dan ook dinge gebeur wat Milner vertolk het as krake in die Krugerkabinet en as 'n voorteken van die ondergang van die regering van die dag. In die departement van Justisie was dinge nie meer so pluis nie. Hoofregter Kotzé het met sy standpunt i.v.m. die sg. toetsingreg tot 'n openlike breuk met president Kruger en die regering gedrywe.

Deur A. J. van Rooy

**Die grootste kraak het egter nog gekom in, wat ons vandag sou noem, die departement van Ekonomiese Sake en Mynwese, waar daar 'n botsing ontstaan het tussen president Paul Kruger en die betrokke Uitvoerende Raadslid, Schalk Burger.**

### VERSKIL OOR VERSLAG

Die stryd het ontstaan oor die verslag van die sg. Industriële Kommissie, waarvan Schalk Burger die voorsitter was. Hierdie verslag het op 27 Julie 1897 verskyn; dit is nogal interessant om kortliks te let op die inhoud daarvan, gedagtig aan die woorde van Salomo vanouds dat daar niks nuuts onder die son is nie.

Daar was 185 werkende myne waarvan 106 nog nie in produksie nie. Nieteenstaande goeie bestuur kon net 23 myne diwidende verklaar. As rede is aangegee die hoë produksiekoste en dit was nodig om die laste van die myne tot die mate te verlig dat myne met 'n laer ertsgehalte winsgewend bewerk kon word. Om dit te verkry is aanbeveel dat die lewenskoste op die Rand verlaag word deur die aanmoediging van die landbou, die verligting van belastings ekonomiese behuising, beperking van konsessies, 'n verbod op loterye en die bekendmaking van die salarisse van die verskillende arbeidsgroepe terwille van 'n meer gelykmatige skaal.

### PRODUKSIEKOSTE

Verder moes die **produksiekoste verlaag** word deur die voorsiening van voldoende blanke en naturelle arbeiders, die stigting van 'n Industriële Raad belas met die stipte uitvoering van sekere wette, verlaging van die prys van dinamiet en spoorwegtariewe, afskaffing van deurvoerbelasting, en die verbetering van die vervoer van verderfbare produkte.

Op 10 Augustus 1897 het die Volksraad 'n kommissie benoem om hierdie verslag na te gaan in oorleg met die Uitvoerende Raad. Hulle het verskeie aanbevelings onderskryf maar het om sekere redes verskil oor die dinamietkonsessie, die voorgestelde Industriële Raad en sommige belastingverligtings.

### HAAKPLEK

**Die groot moeilikheid het gekom toe Schalk Burger by die Industriële Kommissie wou staan en val en Paul Kruger die kant van die Volksraadskommissie kies. Milner het 'n groot volksverdeeldheid sien kom en was vol vreugde — veral toe hy verneem dat Burger teen Kruger gaan staan as Staatspresident. Sy kommentaar was „The Boer Government of the Transvaal are fast going to the devil."**

Milner het gereken dat al word Paul Kruger weer verkies, hy tog in die vervolg met 'n sterk opposisie te doen sou hê, wat sy regering aan bande sou lê.

### WEER SAAM

Op 10 Februarie 1898 het die uitslag van die presidentsverkiesing gekom: S. J. P. Kruger, 12,858 stemme; S. W. Burger, 3,750 stemme; P. J. Joubert, 2,001 stemme. **En daarna was aldrie weer lede van die Uitvoerende Raad!!**

**Dit was vir Milner 'n wrede ontnugtering, 'n „hit in the eye," soos hy self erken het.**

Waarom was Milner so ververkeerd? Hy was tog so 'n ervare, geleerde en geslepe man. **Milner het sy berekeninge gedoen volgens die ervaringe van die Brits parlementêre stelsel, terwyl Transvaal 'n ander stelsel gehad het, 'n stelsel met 'n presidensiële kabinet! Was die parlementêre stelsel in Transvaal in swang dan het sake heelwaarskynlik ontwikkel soos Milner homself dit voorgestel het.**

### WEER 'N KRISIS?

Op die oomblik leef ons in 'n land wat regeer word volgens die Brits-parlementêre stelsel. 'n Soortgelyke krisis is aan die ontwikkel aangesien die twee vernaamste kabinetslede teenoor mekaar stelling ingeneem het i.v.m. 'n sekere konstitusionele kwessie. Nou reeds verheug die Britsgesinde opposisie hulle daarin omdat die huidige „Broederbond"-regering „na die duiwel gaan."

**Sal ons onder die parlementêre stelsel ook in staat wees om die anderkant 'n hou op die oog te gee? Of sal die Afrikanerdom „na deze" met 'n blou oog rondloop? Was ons slim om die parlementêre stelsel te handhaaf terwyl ons, tot voordeel van almal, 'n eie Suid-Afrikaanse stelsel kon ingevoer het?**

### VERLOOR TELKENS

Sedert 1910 was die ondervinding dat die Afrikaner elke keer die swakste daarvan afkom indien daar enigsens meningsverskil in sy geledere ontstaan.

**Volgens geopenbaarde dokumente van die Sons of England veroorsaak dit telkens 'n gejuig in hul geledere en hulle word feitlik nooit in hulle verwagtings beskaam nie.**

Gedurende die oorlogsjare 1939-1945 het ons dit keer op keer sien gebeur. Gaan ons binne die volgende paar maande weer 'n herhaling hiervan sien? Ons wag met spanning om te sien wie hierdie keer die „hit in the eye" gaan kry.

# Tyd Vir Optrede Teen Rooies

**Na aanleiding van 'n beskrywingspunt wat strenger stappe teen die Kommunisme eis, het mnr. Eric Louw, namens die Minister van Justisie, verlede week op die H.N.P.-kongres gesê dat die regering meegedeel is dat die lywige Russiese konsulaat in Addis Ababa, Abessinië, die bron van Kommunistiese propaganda onder die naturelle van Midde-Afrika is, en dat die regering die konsulaat in die Unie „noukeurig dop hou". Hy het daaraan toegevoeg dat die regering, behalwe wat reeds gedoen is, maatreëls oorweeg wat nie verstandig sal wees om te openbaar nie.**

Een van die stappe wat reeds gedoen is, is natuurlik die verbod op die Kommunistiese L.V. se vergaderings in Johannesburg, Pretoria en Durban. Dit is 'n goeie ding, hoewel die hele aangeleentheid nie baie goed gehanteer is nie, soos voorheen in Die O.B. berig. Die Kommunis is aanvanklik toegelaat om net soveel vergaderings te belê as wat hy wou, wat dan op die bestemde tyd deur die polisie in teenwoordigheid van honderde naturelle afgelas is. Hierdeur, so het ons betoog, is meer kwaad gedoen omdat die naturelle gevoel het dat dit hul vergadering is wat opgebreek word en nie dié van Sam Kahn nie. **'n Verdere tekortkoming is dat die heer Kahn nog steeds toegelaat word om in Kaapland vergaderings te hou — ten spyte van dr. Malan se stelling verlede week op sy kongres dat as die blankes in die noordelike provinsie die reg het om hulself te beveilig (teen die nie-blanke stem) die blankes in Kaapland dieselfde reg het. Met net soveel reg kan natuurlik gesê word dat as die naturelle van die noorde teen Kommunistiese propaganda beskerm word, het die nie-blankes van Kaapland dieselfde aanspraak op beskerming. Dit is daarom raaiselagtig waarom Kommunistiese propaganda nog toegelaat word in Kaapland terwyl dit in Transvaal en Natal belet word.**

### KONSULAAT

Maar ook die houding van die regering teenoor die Russiese konsulaat is blootgestel aan ernstige kritiek. Die regering erken dat hy weet dat die Russiese konsulaat in Addis Ababa die kragbron van Kommunistiese opsweping van nie-blankes is. Die regering weet ook—of kan dit te wete kom—uit die verslag van die Kanadese kommissie van ondersoek na die Kommunistiese diplomatieke spioenasiediens dat elke Russiese lid van die gesantskap in Kanada belas was met ondergrondse bedrywighede. **Die regering weet ook dat die Russiese konsulaat in die Unie 'n personeel van 16 lede aanhou terwyl daar feitlik geen handel tussen die twee lande plaasvind nie.** Daar hoef nie eers gevra

(vervolg in volgende kolom)

(vervolg van vorige kolom)

te word wat hierdie baie Russe doen nie—dit kan tog nie hul taak wees om net in tye van brande in die konsulaat 'n kordon rondom die gebou te vorm ten einde die brandweer en polisie weg te hou nie, soos onlangs in Pretoria gebeur het.

**Waarom wag die regering dan nog? Die volk was gewoond om onder die Smutsbewind gedurig te verneem „dat die regering die toestand dop hou", maar van 'n Nasionale regering word daadwerklike optrede verwag.**

# H.N.P.-KONGRES SLUIT OP ONHEILSPELLENDE NOOT

**Die Kongres van die Herenigde Nasionale Party of Volksparty van Kaapland het die politieke toneel gedurende die jongste week oorheers. Die Kongres wat in die Paarl plaas gevind het, was volkome beheersd soos regerende partye se kongresse gewoonlik is.**

Vir die gewone kongresganger was die verrigtinge gevolglik minder aangrypend as in die ou dae toe die party nog opposisieparty was. Anders as in die opposisie-dae toe die partyleiers hul afgevaardigdes voorgegaan het in eise, het die leiers — wat nou ministers is — hierdie keer hul afgevaardigdes aangemaan om tevrede te wees met die „moontlike" en om nie te hunker na die „wenslike" nie.

### VOORSITTER AFWESIG

**Hoewel die kongres bygewoon is deur nege ministers het die afwesigheid van een man — wat nie 'n minister is nie — tog 'n ongemaklike leemte in die kongressaal gelaat. Die kongres het nl. aangevang met die aankondiging van die bedanking van dr. Karl Bremer as voorsitter van die party in Kaapland.** Dr. Bremer was vyftien jaar lank Kaapland se voorsitter en nou verklaar dr. Bremer dat „my tyd word ten volle in beslag geneem deur verskeie ander bedrywighede

**POLITIEK IN OëNSKOU DEUR 'N MEDEWERKER**

wat my te beurt gekom het en ek kan dus nie verder as voorsitter aanbly nie." Voorts spreek dr. Bremer die hoop uit dat „opbouende werk verrig sal word vir die beste belange van ons land."

### GEEN KOMMENTAAR

Dr. Bremer het nie sy bedanking persoonlik ingedien nie; hy het nie die vergadering van die Hoofraad van die Party bygewoon nie en ook nie die kongres nie. Hy het eenvoudig volstaan met 'n kort bedankingsbriefie gerig aan die sekretaris van die Party. Dr. D. F. Malan het geen kommentaar gelewer, op die kongres of in die pers, oor dr. Bremer se bedanking nie. Hy het geen waardering uitgespreek vir dr. Bremer se jarelange dienste nie, maar aan die ander kant het hy ook geen spyt uitgespreek oor dr. Bremer se stap nie.

Die volle betekenis van dr. Bremer se bedanking kan nie noual bepaal word nie. Dit sal eers kan geskied wanneer die motiewe vir die bedanking bekend word.

### KLAP

Die kongres het 'n sydelingse klap uitgedeel aan die besoekende Transvaalse minister, mnr. Ben Schoeman, wat daardie minister se ore sekerlik laat rooi word het. In tipiese Ben Schoeman-taal het 'n afgevaardigde gepraat van „Hotnots, Hotnotsmeide, en Hotnotskolleges". Die kongres het hom — en terloops sy geestelike vader ook — met die volgende besluit hard oor die kneukels geslaan: „Die kongres betreur die ongelukkige uitlating van 'n afgevaardigde toe hy na die kleurlinggemeenskap verwys het in terme wat vir minagtende betekenis vatbaar is. Die kongres vereenselwig hom nie met taal wat vir een bevolkingsdeel kwetsend mag wees nie." **As minister Schoeman onthou dat hierdie besluit „in oorleg met die Eerste Minister opgestel is", dan weet hy nou wat dr. Malan van sy gewraakte „Hotnot"-uitlating dink!**

### NIKS NUUTS

Dr. D. F. Malan het nie nuwe grond geploeg op die Kaapland-se kongres nie. Hy het eenvoudig voortgeborduur op sy Standertonse en Johannesburgse toesprake. Hy het weer sy uitdaging oor die Broederbond en die Sons of England aan veldm. Smuts herhaal. In die Paarl egter het dr. Malan anders as in die Transvaal niks gesê oor die verwydering van die naturelle-verteenwoordigers uit die Volksraad nie. **Of dit meer as geografiese betekenis het sal eers duidelik blyk wanneer die wetgewende program vir die volgende sitting aangekondig word.** Dr. Malan het in die Paarl hoofsaaklik die nadruk laat val op voorgenome wetgewing in verband met die kleurlinggemeenskap en hy het beloof om sodanige wetgewing in te dien.

### VEELSEGGENDE BESLUIT

Ten opsigte van laasgenoemde wetgewing het die kongres eenparig en sonder bespreking 'n veelseggende besluit geneem. Dit lui: „Die kongres het met genoeë kennis geneem van dr. Malan se hernude versekering dat wetgewing in verband met aparte verteenwoordiging vir Kleurlinge vroeg aanstaande sitting ingedien sal word. **Ons verwag vir hom die steun van alle volksraadslede wat deur middel van nasionalistiese steun na die Parlement gestuur is sodat die beleid van die Nasionale Party, soos neergelê in die konstitusie van die Nasionale Party, veral met betrekking tot beperkte verteenwoordiging van kleurlinge, ten uitvoer gebring kan word."**

### DUIDELIK

Die betekenis van hierdie besluit is baie duidelik. Die kongres eis dat „alle volksraadslede wat deur middel van nasionalistiese steun na die Parlement gestuur is", **d.w.s. alle H.N.P.- en A.P.-volksraadslede moet stem vir dr. Malan se kleurwetgewing en veral vir die wetgewing „met betrekking tot beperkte verteenwoordiging van kleurlinge."** Maar die H.N.P.-volksraadslede sal tog vanselfsprekend — sonder dat die kongres dit eis — vir dr. Malan se wetgewing stem. **Gevolglik beteken die besluit eenvoudig dat die H.N.P.-kongres van die A.P.-volksraadslede eis om vir dr. Malan se kleurlingwetgewing en veral vir sy „beperkende" kleurling-wetgewing te stem.**


### NODIG?

Ek dink dis bra vermetel van die H.N.P.-kongres om eise aan die A.P.-volksraadslede te stel! Maar meer nog. As die H.N.P. en die A.P. dit dan roerend eens is oor die toepassing van apartheid, ten aansien van die naturel en die kleurling, soos dr. Malan op Standerton verseker het, waarom is dit dan nodig dat die H.N.P.-kongres van Kaapland 'n besluit aanneem wat neerkom op 'n ultimatum aan die Afrikanerparty?

**Die Kaaplandse kongres het beroering in die politiek gebring. Die indruk is onuitwisbaar dat dit die voorspel was van gewigtige gebeurtenisse. Daarom is afgevaardigdes ook huis-toe met 'n groot vraagteken in hulle gemoed.**

DIE PRAGTIGSTE LINNEPAKKE KOOP U BY
Steyns
DIE MODEWINKEL
*Parow*

BEROEMD *en* WELBEKEND
*oor die 66 jaar vir*
BESTE WAARDE
*in*
**KLAVIERE**
*VLEUELKLAVIERE*
*HUIS- EN KERKORRELS*



sowel as alle

ander soorte MUSIEKINSTRUMENTE en Toebehore.
GRAMMOFONE, Plate, ens. — DRAADLOOSTOESTELLE
BLAD- en BOEKMUSIEK in grootste verskeidenheid

*Spesiale Afdeling:*
**WAPENS**



PATRONE, Jagbenodigdhede, VERKYKERS, Weerglase
Sakmesse, Valle vir Ongedierte, Jagmesse, ens.

*Nuwe afdeling vir*
YSKASTE • ELEKTRIESE STOWE • Elektriese Artikels
**R. MÜLLER (Eiens.) BPK.**
Hoek van Kasteel- en Burgstraat — Posbus 133 — KAAPSTAD

## *Rooies Sou Kon Uitsaai*

Die Kommunistiese Party, wat in die parlementêre lande as party volle erkenning geniet en dus ook in Suid-Afrika na hartewens sy plek in die parlement kan inneem, terwyl 'n volksbeweging soos die Ossewabrandwag se lede selfs uit provinsiale rade geweer word — om nie eens van die parlement te praat nie, stel die Westerse demokrasieë al meer in 'n ongemaklike posisie. Die jongste geval is Australië waar die gewoonte ingevoer is om politieke toesprake oor die draadloos uit te saai in verkiesingstye. Elke party wat meer as vyftien persent van die setels beveg, het die geleentheid om sy standpunt oor die draadloos uiteen te sit.

Hierdie reël is verlede week deur die eerste minister, Chifley, opgehef omdat bevind is dat die Kommunistiese Party 76 setels gaan beveg.

# ONWANKELBARE GELOOF IN DIE O.B.

## *Oos-Kaapland Se Offisiere Byeen*

**Die taak wat die Ossewabrandwag in Suid-Afrika te verrig het, is onherroepelik bepaal ooreenkomstig die gang van die geskiedenis. En dit stem tot diepe dankbaarheid en tewens tot vaste vertroue in die toekoms om te weet dat steeds meer en meer manne en vroue waardering en begrip vir die taak van die Ossewabrandwag openbaar. Sodanige waardering en begrip ontstaan en gedy namate helderheid verkry word oor die volkome onderskeid van die atoomeeu wat die mensdom nou binnetree en oor die gevolglike andersheid of hervormings op verskillende terreine wat die nuwe eeu opeis. Die atoombom en die Ossewabrandwag is albei deel van die Rewolusie van die Twintigste Eeu — die een is die tegnologiese inhoud van die rewolusie en die ander is die politieke inhoud daarvan, het genl. W. R. Laubscher, Voorligtingsoffisier van die O.B., verlede Woensdag op Cradock verklaar toe hy die Gebiedsraad en offisiere van Oos-Kaapland toegespreek het.**

**Die Gebiedsleier, genl. P. J. Botha was in die stoel. Hy het die aanwesige offisiere welkom geheet en aan hulle verduidelik dat heelwat werksaamhede afgehandel moet word, waaronder belangrike besluite rakende die organisasie en propaganda van die O.B. in Oos-Kaapland. Die Gebiedsleier het gesê dat verskeie offisiere afwesig is. Hy is jammer daaroor want hy sou graag gesien het dat die Raad voltallig vergader, maar die afwesigheid van sommige offisiere moet ongetwyfeld gewyt word aan die langdurige kwaai droogte wat die gebied teister.**

### MODERNE BEWEGING

Genl. Laubscher het gesê dat die O.B. nie tydsvreemd is nie. Inteendeel is die beweging juis 'n produk van ons tyd. Die O.B. is nie 'n ouderwetse organisasie nie, omdat die beweging nie 50 of 100 jaar gelede nuut was nie. Die O.B. is 'n moderne organisasie omdat die beweging vandag nuut is. **Daarom behoort die toekoms aan die O.B. omdat die O.B. die toekoms is.**

Die volk het reeds aan al die politieke partye in die land die kans gegee om daardie beter en veiliger toekoms te bewerkstellig waarna almal hunker. **En namate die onmag van die politieke partye onbetwisbaar bewys word deur die toestande wat nie verbeter nie en deur die probleme wat nie opgelos word nie, gaan die politieke partye die beste werwingsagente van die O.B. word.** Die teleurgestelde en ontnugterde volgelinge van veldm. Smuts het in 1948 hul hoop gevestig op dr. D. F. Malan en sy bewind. **Maar as dr. Malan se volgelinge teleurgesteld en ontnugterd raak sal hulle hul hoop vestig op die Ossewabrandwag — en dan sal hul hoop eindelik nie beskaam word nie.**

### HERVORMINGS

Dit gebeur somtyds, het genl. Laubscher gesê, dat 'n volk fundamentele waardes verruil vir skynwaardes. Dan word dit nodig dat 'n herwaardering teweeggebring word. Dit is 'n werksaamheid wat die O.B. onderneem het om vir die Afrikanervolk te verrig. **Die O.B. se taak as hervormingsbeweging gee aan die organisasie hoë sedelike bestaansreg in ons volkslewe.** Nog nooit was die behoefte aan hervorming groter as juis nou in die wapenstilstandsperiode tussen die Tweede en die Derde Wêreldoorloë nie. **Hervorming is praktiese politiek omdat die behoefte aan hervorming gevoel word deur die duisende gewone manne en vroue wat in hul daaglikse lewe meer en meer gefrustreerd raak. Dit is hierdie manne en vroue wat daagliks harder roep om hervormings en dit is hulle wat in die Ossewabrandwag marsjeer na 'n nuwe, beter en veiliger toekoms.**

### BLYWENDE BEGINSELS

Die Ossewabrandwag onderskei hom van die partywese in ons land deurdat die beweging die opportunisme verwerp en homself anker in onverganklike en blywende beginsels. Die O.B. glo aan die Volk, die Afrikanervolk, wat 'n natuurlike eenheid is. **Hierdie eenheid is die onvervreembare reg en krag van die volk.** Daarom verwerp die O.B. die partypolitiek wat die natuurlike eenheid van die volk verbreek terwille van die stem-eenheid van die party. Dat hierdie eenheid die volk se krag is, word selfs deur die politieke partye erken wanneer hulle vra dat Suid-Afrika se grootste vraagstuk, nl. die Kleurvraagstuk, uit die partypolitiek gelig word en as 'n volksvraagstuk behandel word.

Die O.B. glo dat ons volk se ekonomiese heil geleë is in arbeid en produksie. Wanneer ons volk, soos tans, in ekonomiese moeilikhede verkeer, is die oplossing meer arbeid en groter produksie. Alternatiewe maatreëls kan tydelike verligting bring, maar nie oplossing nie. Omdat partyregerings geen anker het in die arbeidslewe van 'n volk nie kan sodanige regerings moeilik tot die wortel van die oplossing deurdring en hou hulle hulle dikwels besig met uitstelmaatreëls. **Die O.B. glo daarenteen in selfbestuur van die volk se arbeidsgemeenskappe en aan hierdie gemeenskappe se deelname in die landsbestuur. Hoe reg die O.B. is gaan die onmiddellike toekoms bewys.**

### STERK OORTUIGING

Eiendelik glo die O.B. dat die bestemming van ons volk 'n vrye, onafhanklike republiek is en die beweging verwerp onvoorwaardelik alle oppertunistiese kompromisse ten aansien van die Afrikaner se republikeinse strewe. Dit bly die strewe van die O.B. om die republikeinse Afrikanervolk in verbonds-vriendskap aan te skakel by die kultuurvolke van die Weste — aan welke volkefamilie ons ook behoort.

Genl. Laubscher het ten slotte die heersende politieke situasie behandel. Hy het strominge in die politiek geskets en die stabiliserende rol van die O.B. benadruk.

Die Offisiersraad het genl. Laubscher toegejuig aan die einde van sy toespraak en genl. Botha het hom bedank vir sy besielende boodskap. **Genl. Botha het gesê dat die offisiere en brandwagte in Oos-Kaapland onwankelbare geloof het in die Ossewabrandwag; hul oortuiging is sterk en hulle sal voortgaan om soos een man te staan vir die Volksbeweging.**

—(Eie Berig)

# NET SES LANDE GEBRUIK MEER MOTORS AS ONS

**Die Unie is tans die sewende grootste gebruiker van motorvoertuie in die wêreld, aldus 'n verslag van die Handels- en Nywerheidsraad insake die motornywerheid.**

Gedurende 1947 is daar 446,317 motorvoertuie in die Unie geregistreer, in vergelyking met 37,360,412 in die Verenigde State, 3,000,000 in die Sowjet-unie, 2,677,646 in Brittanje, 1,786,221 in Kanada, 1,640,000 in Frankryk en 926,729 in Australië.

Die gebruik van motorvoertuie in die Unie het besonder vinnig toegeneem in die tussenoorlogse tydperk, en in 1939 was die Unie, in verhouding tot sy blanke bevolking die tweede grootste gebruiker van motorvoertuie in die wêreld, lui die verslag verder.

Volgens die aantal voertuie wat in 1947 geregistreer is, was daar 26 persone vir elke geregistreerde motorvoertuig in die Unie. **As slegs die blanke bevolking in aanmerking geneem word, was daar 5.4 persone per geregistreerde motorvoertuig.** Vergelykende syfers vir die ses ander grootste gebruikers van motorvoertuie is: die V.S.A. 3.9, Kanada 7.0, Australië 8.2, Brittanje 18.6, Frankryk 25.0 en die Sowjet-unie 64.4.

Syfers toon dat daar in 1947 446,317 motorvoertuie in die Unie gelisensieer is teenoor 40,804 in 1923.

### VERMOËNDES

Volgens skattings wat gedoen is kan slegs gesinne met inkomstes van £700 per jaar of meer en enkellopendes met inkomstes van ten minste £400 per jaar op die oomblik as moontlike kopers van motors van die groter tipes beskou word.

Daar was in 1946 egter slegs 102,703 getroude belastingbetalers met belasbare inkomstes van £700 of meer per jaar. Verder was daar 39,000 enkellopende belastingbetalers met belasbare inkomstes van £400 of meer. Dit bring die maksimum aantal potensiële kopers van nuwe motors vir die jaar 1946 op 141,703 te staan. In vergelyking met hierdie aantal belastingbetalers is daar gedurende die betrokke jaar egter nie minder as 307,116 motors in die Unie geregistreer nie.

Daar is op die oomblik vyf motor-monteerfabrieke in die Unie wat, volgens skatting, 83,000 voertuie per jaar kan lewer.

# Partypolitiek Net So 'n Bedreiging As Atoombom

**Partypolitieke twis is verlede week deur Winston Churchill in een asem met die atoombom en die finansiële krisis genoem as faktore wat die huidige omstandighede van Brittanje baie beroerd maak. Sy toespraak was nogtans bedoel as 'n partypolitieke set teen die regeringsparty se versoek om 'n „mosie van vertroue".**

Churchill het gesê: **„Dit lyk of die verkiesing met groter uiteenlopendheid in elke graad en elke afdeling van ons samelewing geveg sal word as wat ons nog beleef het. As ons hierdie drie faktore saamvat—finansiële krisis, partytwis en die atoombom—sal almal saamstem dat die uur waarin Brittanje hom bevind inderdaad ernstig is."**

Hierna het Churchill losgetrek met 'n partypolitieke toespraak wat nogmaals bewys dat 'n partypolitikus selfs nie in die aangesig van 'n atoombom-bedreiging kan uitstyg bo partyskap nie, en waaromtrent 'n Engelse blad as volg skryf:

**„Daar is wel verwag dat Churchill se deelname aan die debat die eienskap van 'n verkiesingstoespraak sou hê—soos dit met reg ook kon gewees het —maar dit is jammer dat dit so 'n slegte verkiesings toespraak was.**

**„Van uit 'n volksoogpunt was dit sleg omdat dit sal help om die strydvrae in die verkiesing onwerklik te maak, met albei die groot partye bang om te sê hoe groot Brittanje se onvermydelike moeilikhede is, en met albei besig om beloftes te maak van makliker behandeling as wat inderdaad doeltreffend sal wees.**

Dit was ook 'n slegte verkiesingstoespraak vir die Konserwatiewe Party. Wat die kiesers sal beweeg, is nie vae retoriek nie, maar 'n alternatiewe beleid vir beter fininsiële optrede."

## *Sal Honger Kan Stil Met Lees*

Die grootste behoefte van Brittanje vandag is hoër produksie deur sy werkers. Hulle moet langer werk en meer produseer. Om vas te stel tot watter mate Britse werkers hul gewig ingewerp het om Brittanje uit, sy ekonomiese krisis te help, is 'n ondersoek ingestel na die vordering in die afgelope ses maande. **Daar is toe bevind dat die grootste vermeerdering in die gemiddelde werkweek plaasgevind het in die drukkersbedryf. Dit wil sê meer propaganda- en ontspanningstof vir 'n volk wat smag na meer klere en meer voedsel.**


PROBEER DIT!
VIR OË-TOETS

LET OP HOE DIE OLIFANT
DIE GRONDBOONTJIE GRYP
Hou die prent op ooghoogte en bring dit dan langsaam nader totdat u neus aan die ster raak. Sien u hoe die olifant die grondboontjie eet ?

VIR SMAAK-TOETS

Neem twee skuiwe van enige soort sigaret, behalwe Kommando. Moenie die eerste skuif intrek nie, blaas dit saggies deur u neusgate uit. Neem nou die tweede skuif, trek dit in en blaas dit dan deur die neusgate of deur die mond uit. Toets Kommando nou op dieselfde wyse. Let op watter sagte, geurige rokie u van Kommando kry.

U OË MAG U BEDRIEG—MAAR
U KAN STAAT MAAK OP U SMAAK


RONDE
Kommando
-sigarette
20 vir 1/-
50 vir 2/4
C I

DIE O.B., WOENSDAG, 5 OKTOBER 1949

# Huldebetuigings Met Gesnoerde Monde?

Die kompromis-besluit van die inwydingskomitee om geen vlae te laat wapper en geen volksliedere te laat sing by die inwyding van die Voortrekkermonument nie, werp 'n droewige lig op die posisie van die Afrikaner in sy vaderland en toon maar vir soveelste keer hoe „vry" die Afrikaner werklik is wanneer ons vir 'n oomblik die oog afwend van die welluidende konstitusionele frases na die praktyk rondom ons.

Voor die hoeksteenlegging van die monument in 1938, toe daar sprake was dat die staat die reëlings sou behartig, het daar van die kant van die volk bedenkinge ontstaan oor die plek wat die Britse vlag en volkslied by die geleentheid sou inneem. Daar is toe gevoel dat dit onpaslik sal wees om die vlag van die veroweraar by te bring waar hulde gebring moet word aan 'n voorgeslag wat juis gehuldig word omdat hulle teen daardie vlag en wat dit simboliseer, in verset gekom het. **Die Voortrekkers word nie maar net gehuldig omdat hulle dapper manne was nie — as dit so was sou ons ook 'n monument moes oprig vir die dapper olifantjagters in ons geskiedenis. Dit is omdat hulle 'n nasionale daad verrig het wat vandag nog gelaai is met 'n boodskap dat die huidige geslag die drang in hom voel om aan hierdie mense dankbare hulde te bring. En hierdie huldiging is 'n intieme gebeurtenis waar bloed tot bloed roep en die kind eerbiedig die oor spits om die boodskap op te vang wat sy vader wil oorhandig — daardie boodskap wat 'n verklaring moet gee vir 'n nagedagtenis wat nimmer sterf nie. En by hierdie intieme ontmoeting met die geskiedenis kan niks geduld word wat die innigheid van die stemming skend nie. Om hier die simbole uit te hang van 'n vyand — al het die vyand intussen familie geword — is net so goed as 'n moordenaar wat met die bloedbevlekte mes in sy hand simpatie kom betuig aan die agterblywendes van die vermoorde.**

**ONBEGRYPLIK**

Dit is daarom onbegryplik om aan te neem dat Engelssprekendes sal aandring op die hysing van Brittanje se vlag en die sing van Brittanje se volkslied by 'n geleentheid waar die nageslag van Boere-helde dankbare hulde wil bring aan mense wat hul taal, hul tradisies en geestelike erfenis met hul lewens verdedig het teen Brittanje se aanslae.

As daar Engelssprekendes is wat vandag ook behoefte voel om hulde te bring aan hierdie manne wat beroemd geraak het juis weens hul verset teen Brittanje se veroweringsdade, dan is hulle welkom om dit te doen. **Maar dan moet hulle ridderlik genoeg wees om die dinge tuis te laat wat aanstoot kan gee aan die nagedagtenis van diegene wat hulle wil huldig.** Ons twyfel nie dat daar diesulkes onder die Engelssprekende gemeenskap is nie, en hulle is welkom. **Maar as die bedoeling is om te gaan deelneem net omdat daar teoreties ook 'n verpligte bydrae tot die oprigting van die monument uit die sak van die „Engelssprekende belasting betaler" deur die staat geneem is, en die monument op grond van daardie bydrae „dus ook aan ons behoort," dan is dit beter dat hierdie Engelse van die verrigtinge wegbly of desnoods weggehou word deur simbole waarvan hulle op hul beurt nie hou nie, want dan is hul teenwoordigheid daar slegs 'n voortsetting van die veroweringsdaad van hul vaders.** Dan wil hulle in dieselfde gees die Voortrekkernasaat se hulde gaan verower as wat hul Britse voorvaders die Voortrekkers se republieke verower het.

**NOG STEEDS GEBIND**

Die Engelssprekende met begrip sal dus die fees bywoon in 'n gees van piëteit al sou hy nie met alles saamstem nie, net soos die Afrikaner in Engeland 'n kroningsplegtigheid sal bywoon met verskuldigde eerbied vir Britse sentiment. By so 'n geleentheid sal dieselfde Afrikaner wat uit 'n bioskoop in die Unie stap as protes teen die speel van God Save the King, sy ontblote hoof in alle hoflikheid buig vir dieselfde volkslied.

In hierdie lig beskou, word dit onverklaarbaar waarom die komitee besluit het dat geen volkslied by die inwyding gesing sal word nie. **Is die Afrikaner dan nog so gebind deur Britse bande dat hy op sy grootste fees nie eers die akkoorde van sy spontaan aanvaarde volkslied kan uitstoot oor sy eie vlaktes nie? Moet by die grootste huldiging van sy voorgeslag die Afrikanervolk met gesnoerde mond staan net omdat „die ander seksie" dalk sal aandring op huldiging van hul oorsese koning by die huldigingsfees van die Voortrekkers?**

**En as die duisende Afrikaners by die oopgaan van die deure spontaan sou aanhef: „Soos ons vadere vertrou het, leer ook ons vertrou, o Heer," sal dit dan beskou word as in stryd met die „waardigheid" wat die volk opgeroep is om „enduit" te handhaaf?**

**Ons moet erken: dit is 'n eienaardige „volksfees" waar geen volkslied gesing mag word nie. Geen volk in die wêreld sal so iets duld nie, en geen volk in die wêreld sal dit van ander volk verg nie. Dit kan inderdaad net 'n „seksie" wees wat hom sulke eise kan aanmatig, en 'n lamsak-volk wat dit toestaan.**

# DEVALUASIE — WAT DIT VIR S.A. BETEKEN

**Om die uitwerking van devaluasie op die Suid-Afrikaanse internasionale betalingsbalans te bepaal, kan min of meer dieselfde soort ontleding as ten opsigte van Brittanje gedoen word. Ongelukkig ontbreek dit ons aan sommige noodsaaklike statistieke i.v.m. ons internasionale handel, en sal ons dus slegs in algemene terme die gevolge kan skets.**

**Toe die regering in 1948 die rem begin aandraai het, het die Unie £352 miljoen se goedere per jaar ingevoer. Die debiete op ons betalingsbalans is nog verder vergroot met ongeveer £80 miljoen op rekening van dienste wat die buiteland aan ons gelewer het, bv. skeepsdienste, versekering, rente en dividende op buitelandse skuld en andere. Ons kon dit nie bybring om jaarliks £430 miljoen aan die buiteland te betaal nie. Met invoerbeheer sal die invoere vanjaar waarskynlik tot £250 miljoen gereduseer word.**

Hoewel Suid-Afrika ook aan 'n dollartekort ly, is die enitlike probleem een van 'n tekort op die totale betalingsbalans. In 1948 het ons ongeveer £150 miljoen se goedere van Kanada en die V.S.A. af ingevoer, £60 miljoen se produkte vanaf ander nie-sterlinggebiede en £142 miljoen vanaf sterlinggebiede. In diesselfde tydperk het slegs ongeveer £25 miljoen aan Suid-Afrikaanse goedere na die dollargebiede gegaan. **Wat devaluasie nou wel sal doen, is om die neiging tot oorskakeling van dollar- na sterlinginvoerbronne, wat reeds deur invoerbeheer bewerkstellig is, verder te versterk.** Minder Amerikaanse motors sal nou gekoop word, aangesien hulle pryse met £150 tot £200 sal styg. Masjinerie sal, waar dit moontlik is, liewer in sterlinggebiede gekoop word, aangesien dit nou betreklik goedkoper word. **Maar die vraag is, sal ons totale invoer verminder indien daar slegs op devaluasie staatgemaak word, en invoerbeheer afgeskaf word? Dit is te betwyfel. Immers al sou ons minder dollar goedere invoer, sal die geldwaarde daarvan in terme van Suid-Afrikaanse £'e nie noodwendig afneem nie. En intussen gaan sterlinggoedere ook duurder word namate die produksiekoste van laasgenoemde verhoog.** Veel sal natuurlik afhang van wat met die Suid-Afrikaanse ekonomie gebeur. Indien voortgegaan word met kredietbeheer en die koopkrag ingekrimp word sodat deflasionêre neiginge hulle kan laat geld, sal invoer vanself verminder. Inflasie en ongunstige betalingsbalanse val gewoonlik saam.

**NET GOUD**

Die meeste hoop moet gevestig word op die invloed van devaluasie op ons uitvoere. Uitvoere van handelsware het in 1948 £135 miljoen bedra. Van jaar sal dit waarskynlik effens minder wees. **Dit is te betwyfel of ons deur middel van devaluasie meer dollars as vantevore met S.A. handelsware gaan verdien. En aangesien ons pryse nie sal verlaag vir daardie lande wat saam met ons gedevalueer het nie, kan ons ook nie verwag om meer aan hulle te verkoop nie.**

**Die voordele wat die manipulering van ons geldeenheid ons dus kan besorg, berus dus byna geheel en al by die mees belangrike enkele item op ons betalingsbalans, naamlik gouduitvoer.** Die jaarlikse produksie was £100 miljoen. 'n Produksie van 'n ooreenkomstige 11½ miljoen fyn ons goud sal van nou af £144 miljoen (Britse en S.A. £'e en 'n gelykwaardige verhoging in terme van ander gedevalueerde geldeenhede) werd wees. Met dieselfde goud kan ons nou £44 miljoen meer sterlinggoedere koop. **In die V.S.A. kry ons natuurlik nie hierdie voordeel nie.** Sy prys bly nog maar 35 dollar per fyn ons (hoewel die ooreenstemmende S.A.-prys nou £12/10/- word in plaas van £8/12/6.

Die goud produksie kan ook uitbrei, indien die nodige arbeid beskikbaar word, aangesien laer graad erts nou gemaal kan word en nog 'n wins lewer. Op die oomblik is die gemiddelde graad 4 dwt. per ton erts gemaal. Dit kan gereduseer word tot 3 dwt., afhangende van die mate waarin die lone gaan styg. Mynwerkers eis reeds 'n 30% loonsverhoging. Elke styging in die prys van goud vergroot die hoeveelheid rykdom wat ons uit die grond haal, elke loonsverhoging verminder daardie hoeveelheid indien produktiwiteit nie in dieselfde mate toeneem nie.

Benewens hierdie voordele kan ons ook verwag dat meer buitelandse kapitaal na S. A. sal vloei en dit wil dus voorkom of de-

**DEUR ONS EKONOMIESE MEDEWERKER**

valuasie ons betalingsprobleem kan oplos, indien die deflasionêre beleid wat gedurende die afgelope 12 maande gevolg is, voortgesit word. Devaluasie het self 'n anti-deflasionêre uitwerking.

**WAT VAN LEWENSKOSTE?**

Devaluasie is dus veral 'n middel om die internasionale rekening in orde te bring. In 'n depressie is dit ook 'n middel om die binnelandse ekonomiese lewe te stimuleer, wat kan bydra tot vermindering van werkloosheid. 'n Matige verhoging in pryse is dan 'n gesonde verskynsel. **Maar Suid-Afrika ly aan 'n oormaat van indiensneming en 'n gebrek aan produktiwiteit, en almal verlang na 'n verlaging in lewenskoste. Devaluasie gee aan die binnelandse produsente addisionele beskerming en verwyder die noodsaak om produktiwiteit te verhoog. Lewenskoste gaan verhoog hoewel dit nie moontlik is om te sê met hoeveel nie.**

**TE VROEG GEKOM**

Die gunstige gevolge van die beleid van disinflasie in die afgelope tyd word teengewerk deur die jongste monetêre maatreëls. Oor 'n jaar sou devaluasie 'n goeie wapen gewees het. **Dit het te vroeg plaasgevind.** Suid-Afrika moet eers leer om minder weelderig te lewe, en nie soos in 1947 bv. gebeur het, byna sy hele nasionale inkome te verteer en op balans niks te spaar nie, en dan vir belegging slegs van die buitelandse kapitaal afhanklik te wees nie. Daar is beweer dat devaluasie die ekonomiese teruggang wat daar waar te neem was, gekeer het en moontlik nou stabiliteit in die ekonomiese lewe kan bewerkstellig. **Niemand begeer 'n depressie nie, maar in die geval van Suid-Afrika, met sy besondere ekonomiese opset, sal die eerste fase van 'n depressie, in die vorm van 'n skoonmaakproses, nie sonder sy voordele wees nie.** Dit klink na 'n baie radikale standpunt, maar wanneer 'n beleid van vermaning nie slaag nie, mag dit die enigste manier wees om die bevolking tot nugterheid te dwing. En met die regte staasbeleid hoef ons nooit 'n herhaling van die soort depressie van 1930—33 te beleef nie. **Om stabiliteit te wil handhaaf net terwille van stabiliteit, terwyl daar onewewigtighede in die ekonomie aanwesig is, sal nie deug nie.** Ons sou waarskynlik nie in hierdie penarie beland het indien sedert 1947 die regte fiskale beleid, naamlike drastiese verhoginge in sekere belastings, gevolg is nie.

**TEN KOSTE VAN BINNELAND**

**Ons kom dus tot die slotsom dat die probleem van die buitelandse betalingsbalans deur devaluasie opgelos mag word, maar ten koste van balans in die binnelandse ekonomie.**

Ter verdediging van die Suid-Afrikaanse optrede moet bygevoeg word dat vanweë die druk wat sulke sterk belangegroepe soos die goudmyn- en die landboubedryf sou uitgeoefen het, dit onmoontlik sou gewees het om die ou pariteit van die S.A. £ te handhaaf, terwyl die ander lede van die sterlinggebied tesame met ander swakvalutalande gedevalueer het.

(vervolg op bls. 5 kol. 4)

## O.B.-DAG FUNKSIE

*AANDAG MEDE-AFRIKANERS!*

O.B.-dag-funksie word gehou **SATERDAG, 8 OKTOBER,** in die **Dorpsaal, Despatch,** vanaf die oggend **11-uur tot die aand 11-uur.**

As **Hoofspreker** sal optree **PROF. DIRK VAN ROOY,** wat die aand sal praat.

Ons roep al die omliggende kommando's asook alle Republikeine om saam met ons te kom feesvier en te kom luister na 'n ware groot Republikein.

**Kom seker en eet lekker boerkos, braaivleis, ens., en kom speel saam die ou lekker boerespeletjies.**

# AS DIE OPPOSISIE NOU WERKLOOS RAAK WIE KRY DIE £2,000?

**In sy toespraak voor sy kongres het dr. Malan dit verlede week o.a. gehad oor die opsweping van rassegevoel deur die opposisie. „Rassesamewerking is iets wat op natuurlike wyse moet plaasvind. Daar moet tussen die twee blanke rasse gemeenskaplike grond wees. Dit is daar ten opsigte van die beleid van apartheid. Dit is daar ten opsigte van 'n moontlike botsing met die Kommunisme. In hierdie opsig het die Nasionale Party die twee rasse nader aan mekaar gebring.**

**„Maar die gevolg was dat die skrik oor die Nasionale Party se opponente gekom het, want as hulle die stem van die Engelssprekendes verloor, is hulle gedaan. Nou maak hulle die Engelssprekendes bang en sweep hulle op teen die Afrikaanssprekendes en die Nasionale Party.**

**„Daar was geweldige proteste oor die burgerskapwet. Ek is daarvan oortuig dat die Nasionale Party se opponente met die grootskaalse invoer van immigrante 'n partypolitieke doel gehad het," aldus dr. Malan.**

Aan die waarheid van dr. Malan se stellings en aanklagte sal min objektiewe mense kan twyfel. As daar een ding is wat mens vandag nie kan verstaan nie, is dit waarom daar soveel partypolitieke twis is oor dinge waaroor almal fundamenteel saamstem. Tot so 'n mate is daar ooreenstemming dat dit eintlik die grootste inspanning van die „opposisie" kos om die Engelssprekendes van die nasionaalgesindes weg te hou. Die vraag kom dan vanself op: waarom moet daar soveel opsweping en bitterheid wees? Dr. Malan se antwoord val binne die kader van die partypolitiek. Die opponente van die Nasionale Party vrees dat hulle die stemme van Engelssprekendes sal verloor en dan is dit met hulle gedaan. **Met ander woorde, daar sal nie meer 'n „opposisie" kan wees as die Engelssprekendes stem soos hulle voel nie, en dr. Malan se klag hou 'n verwyt in omdat hulle die „opposisie" wil handhaaf.**

### DIE WORTEL

Nou deel ons heeltemal dr. Malan se gramskap oor die onverantwoordelike en onnasionale opsweping van die „opposisie". **Maar mens moet die wortel van die kwaad bloot lê en nie net die takke snoei nie. Daarom stel ons die vraag:**

**Maar as die „opposisie" nie meer stemme kry nie en dus ophou om te bestaan, waar sal ons dan 'n „amptelike opposisie" vandaan kry om uitvoering te gee aan die vereistes van die parlementarisme?**

**Daar word tot so 'n mate voorsiening gemaak vir die bestaan van 'n „opposisie" dat opposisieskap selfs „amptelik" erken word en dat „n opposisieleier" selfs 'n buitengewone salaris ontvang wat dubbel dié van 'n gewone lid is. 'n „Opposisie" is deel van parlementêre regering.**

### IN ENGELAND

In Engeland word die parlementêre „ewewig" gevind in die bestaan van 'n werkende en besittende klas. Die een party bepleit die belange van die kapitaliste en die ander van die werkers. Op die manier besit elkeen sy eie reservaat stemvee. **Net soos hier neem die een party ook sy toevlug tot immigrasie wanneer hy bang word dat sy stem-reservaat kan opdroog. As die eie werkers 'n bietjie dislojaal word teenoor die heersende party, word arbeiders met 'n linkse agtergrond vanuit Europa ingevoer tot groot ontsteltenis van honderd persent-Britte, soos voorheen in Die O.B. berig.**

### HIER ONMOONTLIK

In Suid-Afrika kan hierdie verdeling nie plaasvind nie omdat soos die Arbeidersparty 'n tyd gelede ewe openhartig erken het, die oorgrote meerderheid van die „arbeidende klas" nie-blankes is en dus niestemgeregtigdes. 'n Party wat hier sy wortels wil laat afskiet op die „arbeidende bevolking" het geen hoop om ooit iets meer as 'n „opposisie te wees nie, en **dit is nie volgens die wil van die parlementêre stelsel nie. Die „opposisie" moet ook 'n „alternatiewe regering" wees, soos Die Burger 'n tyd gelede beklemtoon het.** En om 'n „alternatiewe regering" te wees, moet die opposisie-party genoeg stemme agter hom kan mobiliseer vir 'n stembusmeerderheid. **Daarom teer 'n Suid-Afrikaanse „alternatiewe regering" (of „opposisie") nie op arbeiders- of kapitaliste in die eerste instansie nie, maar op die vrugbare akker van taalverskille.** Die bevolkingsgetalle van die kiesers is naamlik min of meer gelyk verdeel tussen die twee taalgroepe — 'n ideale toestand vir die werkinge van die parlementarisme. Net 'n bietjie van dit en 'n bietjie van dat daarby — in die huidige geval 'n „republikeinse klousule" in die V.P.-konstitusie! — en die „alternatiewe regering" verloor sy „alternatiefheid" soos 'n rysmier sy vlerke, dit wil sê hy regeer weer.

### KAN NIE WERK NIE

**Kom daar nou 'n tyd dat die twee bevolkingsgroepe nader aan mekaar begin staan, spel dit onheil vir die „opposisie" en sodoende vir die parlementêre werking.**

**Dit is dan dat daar „'n skrik oor die opponente" van die regeringsparty kom en die propaganda vorm en inhoud aanneem wat die volk aan sy bestaan laat wanhoop.**

Maar die „opposisie" — wie hy ook al is—moet sy sout (of sy £2,000) verdien. **Hy moet ook maar soos alle menslike wesens getrou bevind word in die uitoefening van sy roeping, en as die beloning boonop nog die groenkussings is, watter „opposisie" sal dan nie uitblink in ywer nie?**

Laat ons liewer feite in die oë staar: Rasse-samewerking is iets wat op natuurlike wyse moet plaasvind, **maar vandag word dit op kunsmatige wyse verydel. So sterk is die natuurlike oorwegings tot eenwording dat 'n opposisieparty hemel en aarde moet beweeg om die verdeeldheid te bestendig. Waarom dan nie 'n politieke stelsel invoer wat opposisieskap oorbodig maak, terwyl dit in elk geval vandag geen ander taak meer het as om die geskiedenis te vertraag nie?**

## Stadsraad Sê Regering Moet Belofte Nakom

**„Die huidige regering het, toe hy in opposisie was, belowe om 10 Oktober tot vakansiedag te verklaar, en as hy dit nou nie wil doen nie, is die stadsraad nie bereid om dit weer te erken nie", het onderburgemeester W. H. Röhm verlede week gesê toe die stadsraad van Goodwood besluit het om vanjaar weer soos in die verlede Krugerdag as vakansie te erken.**

Die besluit van die stadsraad lui ten slotte dat die stadsraad die dag van aanstaande jaar af nie as vakansiedag sal waarneem nie, tensy die regering dit tot vakansiedag verklaar.

# KONGRES REPUDIEER AFGEVAARDIGDE SE TAAL

**Die Kaaplandse H.N.P.-kongres het verlede week 'n mosie sonder teenstem aangeneem waarin 'n afgevaardigde oor die vingers getik is omdat hy kwetsende taal teenoor die Kleurlinggemeenskap gebesig het deur te praat van „Hotnots, Hotnotsmeide en Hotnotskolleges."**

Die voorstel is deur mnr. Jim Bekker, voorsitter van die Jeugbond, ingedien en deur mnr. P. W. Botha, L.V., gesekondeer en lui:

„Die kongres betreur die ongelukkige uitlatings van 'n afgevaardigde toe hy na die Kleurlinggemeenskap verwys het in terme wat vir minagtende betekenis vatbaar is. Die kongres vereenselwig hom nie met taal wat vir een bevolkingsdeel kwetsend mag wees nie."

Hierdie vars lug wat oor die H.N.P.-kongres gewaai het, sal in wye kringe verwelkom word, en dit is veral verblydend dat die aksie uitgegaan het van jongere verteenwoordigers op die kongres. **Dit getuig van 'n verantwoordelikheidsbesef by die jeug wat tred hou met nuwe ontwikkelinge waarvoor ons volk te staan kom. Apartheid wat toegepas word in 'n atmosfeer van welwillendheid kan baie goed doen, apartheid wat toegepas word in 'n atmosfeer van kwaadwilligheid kan sy nut verloor deur die skade wat dit veroorsaak, maar aanstootlike praatjies oor apartheid het selfs nie eens 'n bietjie nut om op te weeg teen die skade wat dit verwek nie.**

## MINISTER WIL PRODUKSIE AANMOEDIG

**Mnr. B. J. Schoeman, Minister van Arbeid, het verlede week op die Kaaplandse kongres van die H.N.P. gesê dat hy voornemens is om 'n konferensie met alle vakbonde te hou in verband met die instelling van bonusse om produksie aan te moedig. Hy het daaraan toegevoeg dat 'n hele paar nywerhede so 'n stelsel reeds aanvaar het met baie goeie gevolg.**

Indien die Minister die vakbonde kan oorreed om so 'n stelsel te aanvaar, sal hy Suid-Afrika en die werkers self 'n baie groot diens bewys. Verhoogde produksie en arbeidsvlyt is die enigste middel tot groter voorspoed — en dus ook 'n kragtiger afweer teen die kommunisme.

## Soos Ons Lesers Dit Sien

# BANG OM ONS EIE VOLKSLIED TE SING

**„Minderwaardigheidskompleks" Middelburg, Tvl., skryf:**

Volgens koerante, het die Monument - inwydingskomitee besluit dat met die onthulling van die Voortrekkermonument geen vlag sal wapper nie, en ook geen volkslied gesing sal word nie.

Ek dink hierdie besluit gaan die Afrikanervolk op hulle agterpote kry. Juis die twee vernaamste simbole van die volk se stryd, se strewe en bestaan moet nou skielik ge-ignoreer—nee, verloën en verneder—word, deur dit nie erkenning te gee by so 'n groot, historiese gebeurtenis nie.

Mens vra jou self af: waarom nie die Boerevlag hys en waarom nie die Boere-volkslied sing by so 'n groot Boere-fees nie? Het ons dan noua so diep gedaal en so lamsakkig geword dat ons nie eers ons eie vlag wil laat wapper en ons eie volkslied sing nie? Wat sit agter daardie besluit?

Nou word gesê: „Ons wil nie die ander seksie seermaak nie." As die Engelsman of die koelie 'n fees vier, vra hulle ons ooit of ons hulle vlae of volksliedere sal duld? Na alles, is die monument nie ons eie, honderd-ensent persent ons eie bloedgoed nie? Hoekom moet ons dan na die „ander seksie" kyk of hulle nie sal seerkry nie? Hoekom moet ons soos 'n brak plat op ons pense voor die gevoelens van die „ander seksie" kruip? Die veroweraar het die Boerevolk agtervolg, verdruk en verwoes net waar hulle, die Boerevolk, 'n tuiste gevind het en weer verder agtervolg en die onbekendheid ingedryf en gedruk, van Slagtersnek af dwarsoor Jopie Fourie tot by monumentkoppie, en noudat die Boer sy oorwinning oor die hordes van barbare, oor getrotseerde gevare en oor sy baanbrekerswerk plegtig wil vier, nou moet vir die „ander seksie" gesê word: „Ons wil jou nie aanstoot gee of seermaak deur ons vlag te hys en ons volkslied te sing nie." (Maar dit lyk eerder of ons wil sê: „Ons verag jou vlag en volkslied, dus om jou nie aanstoot te gee nie sal ons ook nie ons vlag en volkslied gebruik nie).

Vir wie is die besluitnemers bang? Of is die hele plan besluit net met die oog op moontlike kruisies van die „ander seksie" met volgende eleksie?

Neewat, meneer, die van ons wat nie wegbly van die onthulling af nie, sal gaan met verdeelde gevoelens en bitterheid in hulle harte, en dit net om hierdie soort van ding wat sonder moeite vermy kon geword het.

## DEVALUASIE

(vervolg van bls. 4 kol. 5)

**Ten slotte kan opgemerk word dat die V.S.A. nie onwaarskynlik nie binne die volgende twaalf maande die voorbeeld van Europa en S.A. gaan volg. Die aandrang op devaluasie van die kant van Amerikaanse sakemanne sal algaande sterker word namate die bestellings wat hulle uit die buiteland ontvang, verminder, en werkloosheid in die V.S.A. toeneem.**

*Adverteerders hou daarvan dat u melding moet maak van hul advertensie in „Die O.B."*

TE KOOP

*Velskoene!*



Almal met riem genaal. Bruin of wit bo-leer met blou sole soos afbeelding .. .. .. .. .. .. 19/6.
Bruin of wit bo-leer met motorband-sole sonder hakke .. .. .. 18/6.
Pryse posvry. Kontant met bestelling

H. STEINMANN
SENDING-WINKEL
Goedverwacht, oor Moravia, K.P.

Kotzé

Kan met trots aanspraak maak dat sy kliënte onder die bes geklede klasse tel.

ADDERLEYSTRAAT 134 — KAAPSTAD

**TARIEF VIR GEKLASSIFISEERDE ADVERTENSIES:**

**Huishoudelike Kennisgewings:**
(Verlowing, huwelik, geboorte, sterfgeval, in memoriam, gelukwensing, ens.) 1d. per woord; minimum 2/6 per plasing. Vooruitbetaalbaar. Vir herhalings 25 pst. afslag.

**Handelsadvertensies:**
Eerste plasing, 2d. per woord. Vir herhalings 25 pst. afslag.

**Intekengeld op „Die O.B." (verskyn weekliks):** 12/6 per jaar of 6/3 per 6 maande. Vooruitbetaalbaar. Stuur advertensiegeld, bestellings, en intekengeld na **VOORSLAG (EDMS.) BPK., Posbus 1411, Kaapstad.**

## GEBOORTE

**DE GOEDE.**— Aan Man en Marie (geb. Van Niekerk) 'n fris seun op die 25ste September.
5/10/1B

## BETREKKINGS VAKANT

**AGENTE DRINGEND BENODIG:**— Persone van goeie inbors en reputasie en streng sober vir neem van bestellings in vryetyd vir goeie gesonde Afrikaanseboeke, geraamde Voortrekkerprente ens., en bestellings te plaas by Motor-eienaars en plaasboere vir spesiale artikels wat adverteerders self vervaardig. Goeie kommissie word betaal. U kan ook aandele uitneem van £10 of £20 per persoon en sodoende vir u eie onderneming werk. Skryf dadelik sonder versuim aan: **„Onderneming", Posbus 1411, Kaapstad**
5/10/1

## ALGEMEEN

**AANDAG!! MOTOR-EIENAARS — PLAASBOERE AANDAG!!**
Het u moeilikheid met u battery? Wil dit nie krag hou of laai nie? Waarom so baie ponde aan nuwe batterye spandeer, kry meer krag en diens uit u ou battery. Besonderhede van: **J. F. STEMMET, Kloofhuis, Knysna.**
5/10/1

**AANDAG!! AANDAG!!** Geagte vriende het u iets om te verkoop wat u self vervaardig? Hetsy heuning of konfyt of wat ookal, kunswerk ens. ens. Dit kan vir u op geringe kommissie-basis verkoop word mits u 'n mede Afrikaner met onderneming kan help deur £10 of £20 daarin te belê. Skryf dadelik aan: **„Onderneming", Posbus 1411, Kaapstad.**
5/10/1

## TE KOOP

**ALSATIAN-HONDJIES** uit kampioenstamboekouers. Kwaai en waaksaam. Reuntjies £5/5/-, tefies £3/3/-. — **Zeeman, Robertson.** TK/30/3

**BEESTE:** Opreggeteelde Jerseybeeste uit die beste bloed en melk-rekords. Koeie en verse. — **Zeeman,** Robertson.
1/12/TK

**BEESTE:** Opreggeteelde ongeregistreerde Frieslandbulletjies, nege maande oud; Brakfontein-Bottermyn-bloed uit 8-10-gellingkoeie . Ook koeie en verse. **Zeeman,** Robertson 13/7/T.K.

**BOERMEEL** met ons bekende steenmeule gemaal 21/7 per 100 lbs.; gesifte meel 24/9; witbroodmeel 26/5; 28/1 algar 100 lbs. — Lê-meel 26/6; Melkmeel 22/6; Vark-vetmaakmeel 22/6 algar 150 lbs. — Welcome Dover Kombuisstowe met skoorsteenpype: Grootte 7 — £6 5/-; Grootte 8A — £7 10/-. Sluit asseblief bankkommissie in en stuur gebruikte sakke terug. K.M.B. — **Mission Store,** Elim, K.P.

**Bybel- en Gesangboek-omslae** van egte swartleer teen slegs 14/6 per stel posvry. Resepteboek „Wat eet ons Vandag"? 3/- posvry. Stoptoestel vir kouse ens. 8/6 posvry. Bestel vanaf **J. F. STEMMET, Kloofhuis, Knysna.**
5/10/1

**HONDE.**—Kelpie-teef, jaaroud, 30/-; reuntjies maand oud 30/- stuk. K.m.b., gelewer Klein Brak.—**J. de Villiers,** Brandwacht, Mosselbaai.
5/10/2B

Kamerade aandag! **Hiers Varke — Speenvarke.** Van die allerbeste. Ek verkoop hulle en vertrou op u steun. Grootwit en grootswart 5 tot 7 weke 42/- stuk. Grootwit 5 weke 40/- stuk. **V.O.S. Seven Oaks, Natal. Johann Möller.** 5/10/3

**WATTELPALE EN SPARRE.** — Hoekpale 8 voet lank, 6 tot 8 duim bokant dikte 2/- stuk.
Gewone pale 6 voet lank, 4 tot 6 duim bokant dikte 9d. stuk.
Spanpaaltjies 4 voet lank, 1½ tot 2½ duim bokant dikte £3 10/- per 1000 met bas.
Spesiale stringstokke vir tabak 4½ of 5 voet lengtes £2 15/- per 1000, met bas.
Gelewer Charlestownstasie. Bestel van: **L.S. Buys, Amajuba, P.K. Charlestown.**
Kontant met bestelling. 31/8/TK

## GESERTIFISEERDE GROENTESAAD

Chantenay-wortels 6/-; Detroit-beet 4/-; Blaarslaai 17/6; Spitskopkool 8/- per pond, posvry. Verkry volledige pryslys van **Premiers,** P.K. Schoemanshoek, Oudtshoorn. 6—4TK

## GRYS HARE

**GRYSHARE** herstel, skilfers verwyder, haregroei bevorder, jongvoorkoms verseker, dit waarborg **GRYSHAARWONDER,** die jongste kunsmatige wêreldwonder haar- en kopvel voedingsmiddel u, skadeloos, kleurstofvry, 5/- per bottel geld met bestelling. **Boeregeneesmiddels, Posbus 4272, Johannesburg.** C/1/9/49

## MEDISYNE

Verwyder die wortel van u kwaal of siekte en herstel u regmatige erfenis GESONDHEID, ons beskik oor die middels en behandel alle siektes, skryf, inligting gratis.—**Boeregeneesmiddels, Posbus 4272, Johannesburg.**
A/1/9/49

**Siektes en kwale verban!** Operasies vermy en gesondheid herstel. Waarom dan sal u langer ly? Skryf, meld besonderhede, raadpleeg **Die Boerevrou,** Bus 7559, Johannesburg.
(Nr. 2) 1/9/49

## MARK AGENTE

**Kamerade! Aandag!**
Stuur al u produkte aan **U. S. Bellingan, Mark Agente, Uitenhage. Telegrafiese adres: „Blank S.A." Foon 1063.** As julle die dorp besoek kom gesels 'n bietjie. Dienswilig.
21/9/TK

## MEUBELS

**MEUBELS.**— Beter meubels teen billiker pryse Babawaentjies, stootkarretjies, driewiele, linoleums, tapyte, ens., ook altyd in voorraad. Geen Katalogus. Meld waarin u belangstel. —**VISSER-MEUBELS,** Langstraat 291, Kaapstad. 3/12/11

## RADIO

**LOUW EN LOUW,** die Beroemde Radio-ingenieurs, Stasieweg, PAROW, verkoop en herstel Radio's en Elektriese Toestelle. Geregistreerde Elektrisiteitsaannemers. Foon 9-8435

## SOUT

**SOUT** vir dadelike aflewering in goeie sakke. Brandwagte, om 'n eerlike bestaan te maak vra ek u vriendelike ondersteuning deur van my sout te bestel. Spesiale A1 80/-; Sneeuwit No. 1 70/-; Wit No. 2 60/- per ton vrygelaai. Soutwerke tevredenheid gewaarborg. Adres: **Komdte. Mev. Martie Venter,** Possak No. X4, Arbeidsloon, Bloemfontein.
19/1/TK

## PLUIMVEE

**Die Beste Firma om u PLUIMVEE, EIERS en ander PRODUKTE aan te stuur is:**

**C. M. ELOFF EN KIE.**
**(Edms.) Bpk.**
**MOREMARK (Posbus 7185) Newtown**

## VERVOERDIENS

*Vir algemene karweiwerk en ook vervoer van mense tree in verbinding met*

**J. A. STRAUSS**
**Posbus 64 - - Telefoon 9-8355**
**P A R O W**

# Londen Ontken Verklaring Van Dr. Malan

**Dr. Malan het verlede week op die Paarl aan sy kongresgangers gesê dat die Unie-regering die huwelik van Seretse Khama met 'n blanke vrou afkeur, en dat die regering onmiddellik 'n telegram aan die Britse regering gestuur het waarin hy sy standpunt stel.**

Dr. Malan se uitlating is die eerste inligting omtrent regeringsoptrede wat die volk kry. Dit was reeds bekend dat die Rhodesiese regering protes teen die huwelik aangeteken het teenoor Londen.

**Dr. Malan se verklaring aan sy kongres word egter deur die Londense regering ontken.** 'n Segsman van die betrokke departement het in 'n persverklaring gesê dat hy nie weet wat dr. Malan met sy verklaring bedoel dat die Unie beswaar teen die huwelik gemaak het nie. Die Britse regering is dronkgeslaan deur die verklaring, aldus die segsman, wat daaraan toevoeg dat tensy daar groter opheldering kom die Britse regering geen verduideliking kan gee nie.

# Taak Van Bonn-Politici Moeilikste Ter Wêreld

*(Van Ons Korrespondent in Duitsland)*

**Met die konstituering van die Duitse Federale Republiek is 'n deel van Duitsland weer aan die netwerk van die wêreldpolitiek gekoppel — aan die stroom van 'n wêreld wat, deur twee voltsterktes gehalveer, in 'n blywende ontploffingsgevaar verkeer.**

**Gebuk onder die las van sy instorting, beheer deur botsende besettingsmagte, verskeurd in sy oostelike en westelike landsgebiede en met 'n verbitterde jeug wat afsydig staan, kyk Duitsland vandag na Bonn, na die manne van wie hy hoop dat hulle die vraagstukke sal aanpak wat in die Duitsland sonder leierskap onopgelos sal moet bly. Hierdie nalatenskap wat op Bonn geval het is die moeilikste wat enige regering nog ooit te doen mee gehad het. Maar dit nie alleen nie. Die Bonn-beslissings — wat daar gedoen of nagelaat word — sal van uit die Russiese besettingsdeel van Duitsland weergalm en uitdrukking vind in die Russiese houding teenoor Wes-Duitsland en sy agterryers wat daarteenoor sal verrys.**

'n Regering oor 'n land wat aan die ystergordyn grens, wat ten skerpste bespied en bedreig word, van binne verval in ellende en vermink — so ongeveer het die klokkegebeier geklink wat die geboorte van die Duitse federale republiek in Bonn ingelui het. Wie in Duitsland het in hierdie uur nie die hande in gebed saamgevou met die bede dat die verantwoordelike manne tog bewus moet bly van die gevaar en die krag moet vind om wysheid oor party-programme te laat seëvier nie?

### BETEKENLOSE SLAGKRETE

Dat 67 persent van die Duitse volk ten gunste van 'n liberale ekonomiese beleid en daarmee vir die huidige regering gestem het, kan die steeds opwellende bedenkinge in die buiteland teen 'n toenemende Duitse nasionalisme grootliks bevorder en die swartgalliges enigsins ontstem, veral waar hierdie verkiesingsuitslag uit 'n land kom wat met die grootste maatskaplike vraagstukke te kampe het en deur die grootste volksverskuiwings ontwrig en verskeur is. **Maar in die huidige Duitsland is verslete strydkrete soos kapitalisme, sosialisme of watter isme ook al, van veel minder betekenis as die noodvereiste en werklikheidsoorwegings wat toegespits is op die allernoodsaaklikste behoeftes van die daaglikse stryd om bestaan. Waar die nood en ellende van miljoene mense ter sprake is wat hulle nie meer laat vertroos met ideologiese slagkrete nie, word partyprogramme nie meer deur wêreldbeskouende stellings en beginsels beïnvloed nie. Daar moet iets gedoen word, daar moet hulp verleen word — dit is wat die Duitse volk van Bonn verwag.**

### TWYFEL AAN BRUG

In die uitoefening van sy moeilike maatskaplike plig sal die regering van die Christelike Demokrate en Liberales nie teen die arbeiderklas kan optree nie, wat hulself in die tweede sterkste party, die Sosiaal-demokratiese Party as opposisie georganiseer het. Die verkiesing van dr. Arnold wat tot die linkervleuel van die Christelike Demokrate behoort, tot voorsitter van die bondsraad, is 'n bewys daarvan. Aan die anderkant geld ook weer die mooi meerderheid waarmee dr. Adenauer (Christelik-Demokraat) tot bondskanselier verkies is. Die hoop en vertroue wat die volk vestig in sy president, prof. Theodor Heuss (Vrye Demokraat) is beslis nie misplaas nie. Of dit dr. Heuss ondanks sy politieke bekwaamheid en sy versoenende liberalisme sal geluk om die brug tussen die twee groot partye — die regering en opposisie — steeds weer op te rig en in stand te hou, moet nog besien word.

Waar die vraagstukke waarvoor die Duitse regering in Bonn te staan kom reeds in normale omstandighede slegs met groot moeite beredder kon word, daar vereis die toestand waarin Duitsland hom in die Jaar 1949 bevind, 'n besondere wyse leiding. Die Duitse volk se bange vraag is of die manne van Bonn vir hierdie taak opgewasse sal wees.

# BEJAARDE HELD VOER EENSAME BESTAAN

Op 15 Oktober a.s. is dit die verjaardag van 'n welbekende figuur in die distrik van Boshof, mnr. H.P.W. Meeding. As hy gespaar bly sal Oom Hennie, soos hy genoem word 80 jaar wees. Op sy eensame plaas „Rosseau" naby Dealesville is hy genoodsaak om sy latere jare sonder sy geliefde eggenote te slyt. Sy was 'n mej. A. Krause, 'n ander welbekende familie in die distrik en is hom meer as 10 jaar gelede deur die dood ontneem.

Sy onafhanklikheidsgees as ou Republikein laat hom nie toe om by een van sy kinders in te woon nie. Die jongste seun Abraham, nog ongetroud, egter, is die ou vader se metgesel en sorg.

As jong seun het hy uit die distrik van Knysna na die Vrystaat gekom en het hy sy lewe alleen deur moes veg en het hy as jong man aangesluit by die ou burgerartillerie op Bloemfontein waar hy onder majoor Albrechts gedien het.

Gedurende die Tweede Vryheidsoorlog het hy hom op verskillende maniere onderskei as 'n dappere held. Eenmaal het sy vyande die vreugde gesmaak om hom gevange te neem en na Bultfontein geneem om oor sy lot te beslis. 'n Sekere Brown, 'n bekende van hom, het die offisier die volgende aangeraai: „Gee mnr. Meeding 'n ordentlike kamer in die hotel en ek waarborg dat julle hom môre nog hier sal kry, maar sluit hom op, en ek twyfel of hy nog in julle besit sal wees." Die kouse was egter om hom op te sluit, en voor die nag nog ver gevorder het, het hy die wag voor sy sel ontwapen en was hy op vrye voet.

Daar word nog baie dade van dapperheid vertel, maar dit sal so aangenaam wees as Oom Hennie sy belofte wil nakom om sy lewensgeskiedenis op papier te stel.

'n Wond in die been opgedoen in die geveg by Stormberg, en wat nie dadelik aandag kon geniet nie, is vandag nog oorsaak van groot lyding.

Ten spyte van sy hoë ouderdom en swak gesondheid, vind 'n mens hom vandag nog op sy ryperd agter die vee, op kuiertoggies en van jakkalsjag bly hy nie weg nie. — (Ingestuur).

# Blad Vrees—

(vervolg van bladsy 7, kolom 5)
en aktiwiteit: kosbare ure word bestee aan omvangryke organisasiewerk; alles is reeds, o, so op die keper en uur af gereël; aan uiterlike ordening en publisiteit haper dit nie; **maar oor die diepere, geestelike betekenis van die monument en die Trekker heers daar 'n doodse swye —nêrens nog enige inspirerende tekens van grootskeepse verdieping na en besinning op die diepere lewe nie!**

### BOODSKAP

Maar het die uur dan nie geslaan vir ons om dieper te soek en te luister as net hierdie uiterlike nie? **Het dit nie tyd geword dat die betekenis en boodskap van die Voortrekkers opnuut en met gloed aan die tienduisende kinders in ons skole gebring word nie? Is dit nie nou dure plig van die kerk om die hart van die Boerevolk gevoelig en fyn op die godvrugtige lewensbeskouing van daardie voorgeslag in te stel nie? En het die tyd nie aangebreek dat die radio en die pers, koerant en tydskrif die betekenis van die monument as simbool en ideaal van geestelike krag in die lewe van 'n volk aan ons sal openbaar nie?**

### BEARBEIDING NODIG

Groot dinge kan gebeur in hierdie dae — die helde van die Groot Trek kan die volk by vernuwing inspireer tot geloof en geestelike daadkrag. Maar die wonder sal nie uit die bloue hemel val nie — die volksiel kan alleen oopgaan vir daardie heerlike inspirasie, 'n werklike weergeboorte kan alleen plaasvind indien ons deeglik en genoegsaam na die onsigbare, die geestelike bearbei en voorberei is.

Tot hierdie tere en verantwoordelike taak word die kerk en die skool, die pers en die radio, elke ware Afrikaner geroep. En alleen langs hierdie weg van besinning sal ons feesstemming in komende weke kan verdiep en oneindig ryker word as die oppervlakkige, onbeduidende massa-stemming.

# SKANDELIKE BEDROG

Die fantastiese goudvonds wat in Junie aangekondig is in verband met 'n monster van die plaas Erfdeel in die Vrystaat en wat aanleiding daartoe gegee het dat goudaandele 'n paar dae lank die hoogte in geskiet het, is volgens 'n aankondiging van die Minister van Mynwese niks anders as 'n stuk bedrog nie. Die monster se goudinhoud is op kunsmatige wyse verhoog.

Die Minister het strenge stappe belowe teen die persoon of persone wat vir hierdie skandaal verantwoordelik was. Skade ten bedrae van tienduisende ponde is veroorsaak. Die betrokke aandele het tot meer as £2/10/- gestyg en daarna gedaal tot minder as 10/-.

DIE
# Boere Jeug
AMPTELIKE ORGAAN

BYVOEGSEL TOT DIE O.B. VAN WOENSDAG, 5 OKTOBER 1949

## ONS VERVOLGVERHAAL

# SPORE VAN „SWART SUID-AFRIKA"

deur F. DE LA R. HENNING

DEEL II

Ook in die laer van Gerrit Maritz het die tydige boodskap van die poortwag elke man en vrou gewek. Met angstige harte word die oorlogskreet uit die kele van tienduisende Soeloes van ver en naby verneem. Is daar nog iets te redde teen hierdie magtige menigtes? By die laerpoort van Maritz storm die Soeloes reeds binne. Die wag se lewelose liggaam lê daar — op sy pos geval — vier dooie Soeloes lê om hom heen. Moet die sterkste man se arms nie magteloos langs sy sye afsak nie! Kan enige iets nog help?

Skreeuende en dansend met oorverdowende getrommel van kieries en assegaaie op skildvelle sluit die menigtes in duisendtalle om die laer van Gerrit Maritz en borrel dit by die laerpoort binne. Twee-en-dertig man saam met Maritz staan op die voorpos van Blank Suid-Afrika. Hulle veg met 'n ongekende moed en dapperheid vir die behoud van hulle lewe en dié van hulle liewe vrouens en kinders. As hierdie vesting val is alles verlore — **alles verlore.** Maar die manne wat daar staan — sy aan sy — roem nie op eie krag nie; ken hulle swakheid; ken ook hulle Skepper en weet Wie hulle bystaan. Hier klop troue harte saam. Bloed het tot bloed geroep. 'n Band gesmee in die stryd; in gebed en 'n krag in geloof. 'n Volmaakte eenheid. Onkreukbaar sterk. Vuurstrale saaiende dood en verwoesting spreek daarvan. Onophoudelik val die vyand met 'n laaste wanhoopskreet. Onophoudelik — met elke skoot twee of drie of vier — dun die lopers die vyandsmag.

Maar, hoe meer hulle val, hoe meer hulle storm. Dit dreun van assegaaie teen die watente aan en reën soms bo-oor tot binne in die laer. Hulle is teen die waens. Dit ruk en pluk aan wiel en buik om deurgang te vind. Die waens word selfs vir voete verskuif, maar die skakels is stewig en die vesting sterk. 'n Tiental pak een waentjie beet en trek dit dat die houtwerk kraak. Maar net vir 'n entjie sleep hulle dit tot die kettings span. Die vesting is sterk. Intussen sak hulle daar by hulle tientalle inmekaar want onophoudelik blits die gewere.

Om die vesting lê die dodes opgestapel. Meer en meer word bygereken. 'n Huiwering kom in die swarte drom. 'n Vrees bevang hulle harte. 'n Vrees vir die krag wat straal uit die boesem van daardie onvernietigbare eenheid — die manne en vroue van Gerrit Maritz. Soos een man veg en skiet hul. In hulle huiwering val die vyand nog. Die moed van hulle aanval verswak by die oomblik en as die voorstes omdraai om te vlug pak 'n verskriklike vrees die menigte — 'n vrees vir die meerderwaardigheid van die witman — 'n vrees vir die dood wat sy wapen saai — 'n vrees vir sy moed wat hard is soos staal. En daarmee verander hul dolle geskree van dié van wreedaardigheid en moordlus na dié van verskriklike vrees. Die menigtes vlug!

„Op julle perde en volg my!" klink die moedige stem van Gerrit Maritz. Haastig wys hy twaalf man aan om saam met hom die ander laers te hulp te snel. Hulle storm op die laertjie van Prinsloo en Botha af — maar geen pen kan beskryf wat hulle oë aanskou, geen hart verstaan wat hulle gemoed deurleef op hierdie oomblik, op hierdie plek nie.

Maar die bloed wat gemeng het van moeder en kind, vader en vriend, tussen die grasspriетjies op die grond, en die druppel vir **druppel wat nog deur** die skeure van die waentjies se buikplanke op die grond tap, is onskuldig-reine Afrikanerbloed. Hier is afskuwelike wreedaardigheid in sy ergste graad oortref. Misdade teen menslike liggame is nie te bedink wat hier nie gepleeg is nie: oopgesnyde liggame, hofies van ongebore babatjies teen die wawiele te pletter geslaan, getuig daarvan.

„O, my God," roep Charl Celliers in sy bitter smart uit, „sal die bloed van suigelinge dan nie gewreek word nie!"

Hannie van der Merwe met ses-en-twintig en Grietjie Prinsloo met twee-en-twintig assegaai-steke word later tussen die lyke gevind.

Maar Maritz en sy manne moes verder gaan. Waar geweerskote nog verneem word daar is nog lewens te red. In aller yl storm hulle op die laer van die Van Rensburgs af, waar agttien man feitlik weergaloos in die geskiedenis, 'n verdediging ophou met 'n ontoereikende hoeveelheid ammunisie totdat drie man van dieselfde staal, Marthinus Oosthuizen, Abram de Boer en Japie Naudé 'n weg deur die vyand oopskiet en meer lood en kruit aan die laer besorg. Vier manne was reeds dood en andere gewond en geen merkbare verslapping vertoon in die doelbewuste aanval van die vyand nie. Nog steeds reën die assegaaie oor die watente; nog steeds word meer manne gewond, totdat vriend en vyand die verskyning van Gerrit Maritz met sy twaalf manne digby die laer opmerk. Hulle storm doelbewus op die Soeloes af en saai dood en verwoesting voor hulle uit. 'n Oomblikkie aarsel die vyand — maar die dodelike verderf vanuit twee kante laat hulle spoedig besluit. Weer vlug die vyand.

Maar hulle is nog nie verslaan nie. Terwyl die Trekkers met haas en spoed die oorgeblewe afdelings van die trekke bymekaar bring en in 'n laer vorm, storm die Soeloes met hernuwe krag en wil die halfvoltooide laervorm aan. Hulle dring soms deur tot binne die waens, klouter bo-oor en werp dan hulle assegaaie met alle krag na die wit verdedigers. Op hierdie wyse word baie gedood en baie verwond, nogtans is dit vir diegene wat nog leef 'n saak van lewe en dood. Die vernietiging van barbarisme in hierdie land; die bestendiging van veiligheid en vrede vir almal wat daarna verlang. Soms moet met vuis en hand geveg word, soms met die kolf van die geweer. So na aan die hart van die blanke voorpos, so oorheersend, so oorweldigend die menigte van die vyand en koelbloedig.

Maar doelbewus en kragtig is die houe van die verdediging en vernietigend. Enkele in die geledere mag val, met sterker verset en harder houe as gevolg. Totdat die aanval van die vyand verswak en opnuut 'n vrees die menigtes pak. Weer vlug hulle.

Te perd word hulle deur die trekkers agtervolg. Nog honderde kom op hierdie wyse om. Teen sononder word die perde ingehou. Voor hulle uit vlug die uitgeputte impi's van Dingaan — die daders van die verlange van sy hart — 'n hart vervuil met verraderlike gedagtes van 'n barbaar. Agter hulle! — die spore van daardie impi's. Die daders van die verlange van daardie moordlustige hart. Agter hulle lê „Weenen" waar honderde dierbares nou in die dood swyg, maar wie se swye die getuie sal wees van hierdie dade.

Die end.

# BLAD VREES DAT BOODSKAP DALK ONTBREEK

**Bekommernis oor die vraag of die inwyding van die Voortrekkermonument 'n dieper betekenis sal hê as die groot sportbyeenkomste van die afgelope tyd, word uitgespreek deur Die Volksblad in 'n hoofartikel oor die feesgeleentheid aan die einde van die jaar. Die blad vrees dat daar te veel nadruk gelê word op die uiterlike, terwyl die diepere betekenis van die boodskap van die Voortrekkers oor die hoof gesien word.**

**Die blad verwys na die groot sportbyeenkomste en verklaar:**

**En nou blyk dit reeds maande vooruit dat die massa-kompleks ten aansien van die onthulling van die Voortrekkermonument te Pretoria ook nie ontbreek nie.** Weke lank al word die wêreld intens bearbei deur koerant en tydskrif vir hierdie groot volksgebeure. In deftige swart letters kondig die pers aan dat een fabriek alleen veertigduisend paar velskoene op die mark gaan stoot; daar word 'n bloeiende handel in rokmateriaal en Voortrekkerkappies gedryf; plekbespreking op die treine is in volle gang; boodskappers kom in gereedheid om uit die verste gewestes die woord van seën na die feespunt in die noorde te dra; voorbereidende koorsang weerklink deur ons dorpies en stede; terwyl eerbiedwaardige baarddraers 'n verlore eeu se deftigheid in herinnering terugroep. Ja, ons wêreld is in rep en roer, en dit lyk of Boer en Brit, vriend en vyand by die tienduisende na die gedenksteen sal optrek om mekaar daar vir enkele dae in rus en vrede te verduur.

**VERHEUG, MAAR . . .**

En natuurlik is ons verheug oor die goeie gesindheid en geesdrif wat onder alle volksdele in hoë vlamme oplaai en die volk in begeestering die oog na die noorde laat rig. **Maar — nie sonder kwellende bedenking is ons feesstemming nie; want, bekommerd vra ons, sal daardie samekoms by die monument 'n dieper betekenis as die gewone sportbyeenkomste kry? Sal daar deur die skare op daardie groot dag 'n dieper trilling gaan as wat gebeur het by die oorwinning van die Springbokke in die toetswedstryde?**

**Die diepere belewing, die seënende deel kry aan die verborge lewe van die Boerevolk, die weergeboorte van die Voortrekkerideale in die eie siel — sal daar iets van kom?**

**UITERLIKE**

Opvallend is hoe alles sover, getrou na die gees van die tyd, dui op uiterlike belangstelling

(vervolg op bls. 6 kol. 4)

## BOEREJEUG-NUUS:

# Uniale Organisasie Van Boerejeug Verandering

Op 'n sametrekking van Boerejeug-offisiere in die Paarl, verlede Saterdag, het Hoofkommandant Paul Taljaard, Stafhoof van die Boerejeug, bekendgemaak dat die Uniale organisasie van die Boerejeug in die toekoms as volg sal wees: Jeugleirs — professor D. J. van Rooy, Stafhoof — H/komdt. Paul Taljaard, Bevelvoerende Offisiere oor dogters — komdte. Aletta Cloete, Bevelvoerend oor Transvaal se seuns — komdt. Gerard van Rooy, Bevelvoerend oor Kaapland se seuns — komdt. Callie le Roux, Publisiteit — komdt. Jan du Toit.

Boerejeug-offisiere wat gewillig is om gedurende hulle vakansie op reis te gaan om organisasiewerk vir die Boerejeug te doen, kan hulle name aan Boerejeug-hoofkwartier, Posbus 3471, Kaapstad, stuur. Boerejeug-hoofkwartier sal die reisonkoste dra.

Sake in verband met die Boerejeug-laertrek by die Voortrekkermonument by die end van die jaar, is ook bespreek. Offisiere sal binnekort hierdie besonderhede ontvang.

Voor die byeenkoms het komdte. M. C. Hofmeyr van die Paarl die offisiere onthaal. Graag neem ons die geleentheid te baat om haar vriendelik te bedank.

## HARTLIK GELUK

Ons wens hoofkommandant Paul Taljaard, Stafhoof van die Boerejeug, en sy eggenote hartlik geluk met hulle huwelik. Ons vertrou dat ons nog lank mnr. en mev. Taljaard by ons in die Boerejeug sal hê.

## VERJAARDAG-KETTING

Hierdie maats verjaar gedurende die volgende week. Ons wens hulle van harte geluk.

**OKTOBER**

7 Francois Joubert, Paarl.
Betsie Pretorius, Dist. Rustenburg.
9 Gabriel van Wyk, Paarl.
Katharina Manning, Middelburg, Tvl.
10 Anna Burger, Brandvlei.
11 Beatrice Wiid, Stellenbosch.
Susanna v. d. Merwe, Paarl.
12 Petro van der Westhuizen, Paarl.
Eben Schellink, Malmesbury.
Daniël le Roux, Goudini.
Sarellena Mareé, Stellenbosch.
Andries Siebrits, Franschhoek.
Johan du Toit, Koedoeskop.
14 Michael Bierman, Frankfort.
Gerhardus van der Westhuizen, Vryburg.
Rebellina Petzer, Stutterheim.
Mattie Steyn, Upington.
Grieta Pretorius, Dist. Rustenburg.

## Dankie!

Die Jeugleier het met sy verjaardag soveel briewe en telegramme van gelukwensing van alle oorde ontvang dat hy probeer het, maar dit onmoontlik vind, om op almal apart te antwoord. Ook was die adresse van die verskillende Boerejeugeenhede nie almal ter hand nie. Daarom is hy verplig om „Die Boerejeug" se hulp in te roep. Hartlik dank vir al die blyke van belangstelling, hulle word ten seerste op prys gestel. Ook in die nuwe lewensjaar stel hy sy dienste beskikbaar en hoop hy om nog lank saam met die Boereseuns en Boeredogters jonk en ywerig werksaam te bly.

## Gelukwensing

Op 1 Oktober tree ons Stafhoof, Jeug-hoofkommandant Paul Taljaard, in die huwelik. Sy bruid is mej. Marie Gersbach van Ventersdorp. Langs hierdie weg wil ek die gelukkige paartjie namens die Boerejeug van harte gelukwens. Die Boerejeug beskou die gebeurtenis as 'n versterking van hul geledere en verwelkom mev. Taljaard in hul midde. Sy sal uitvind dat die Boerejeug kwaai eise stel. Hiervoor het Hoofkomdt. Paul die aanleiding verskaf, hy het ons bederwe. In belang van ons Organisasie was geen taak nog ooit vir hom te groot, geen offer te swaar nie. Getrou op sy pos, stip noukeurig in sy werk, altyd besielend deur sy verhewe idealisme. Sy vroutjie sal uitvind — as sy dit nie reeds gedoen het nie — net soos die Boerejeug lankal vasgestel het, dat sy moeilik sonder hom sal kan klaarkom. By hierdie geleentheid bring ons aan Jeug-hoofkomdt. Paul Taljaard ons dankbare hulde en spreek die hoop uit dat hy en mev. Taljaard altyd in die nouste betrekking tot die Boerejeug sal bly verkeer. Alles van die beste.

D. J. VAN ROOY,
Jeugleier.

# Dr. Malan Kla Oor Misbruik Van Pers

**In sy toespraak op die Paarl voor sy partykongres het dr. Malan 'n hele paar waarhede onderstreep en dit is te hope dat hierdie sake nie net by praat gelaat sal word nie. Een daarvan is die houding van die Engelse pers in die land. Dr. Malan het gesê dat die buitelandse koerante vir 'n groot deel hul nuus van Suid-Afrikaanse persmanne kry. In een groot koerant byvoorbeeld sit sowat twintig redaksielede wat korrespondente vir oorsese blaaie is. Hierdie blaaie publiseer artikels wat so onwaar is dat dit nie in Suid-Afrika geplaas sal word nie, aldus die Eerste Minister. Hierdie artikels word dan weer deur die Suid-Afrikaanse pers aangehaal om te bewys in hoe 'n slegte lig die buitelande die Unie beskou!**

„Die dag sal kom dat Suid-Afrika sal moet doen wat twee van die mees demokratiese lande (Engeland en Nederland) gedoen het: om grondige ondersoek na die pers in te stel," aldus dr. Malan.

Of daar met so 'n ondersoek gewag moet word totdat veel meer skade aangerig word aan Suid-Afrika se goeie naam, is nie te hope nie. Maar dit is eie aan die partypolitieke manier van doen om heelwat te praat en weinig uit te voer, en selfs wanneer iets aangepak word, kom dit gewoonlik nie verder as 'n ondersoekkommissie nie. Dit het die „mees demokratiese" Engeland ook gedoen. Die resultaat was dat die Britse pers hom gaan baai het in die verslag van die kommissie van ondersoek en spierwit skoon gewas voor die volk gaan paradeer het. Daardie deel van die kommissieverslag wat kritiek op die pers uitgespreek het, is eenvoudig verswyg en vandag kan die Britse regering met veel minder publieke ondersteuning stappe teen die pers se misbruike doen.

**EENSYDIGE PARTYPERS**

En hier kan bygevoeg word dat wat Suid-Afrika betref, dit nie net die opposisie-pers is wat hom skuldig maak aan misbruike nie. Dit is 'n eienskap van veral die partypolitieke pers waar die koerantwese van die land hoofsaaklik ingedeel word in party-kampe. Feitlik elke koerant word opgerig en in stand gehou met die doel om te dien as mondstuk van die een of ander party. In daardie taak word die lof van die eie party hemelhoog verhef en die foute van die teenparty op die bergtoppe uitgestal. Die volk kry te doen met 'n verdraaiing van die waarheid en 'n skewe voorstelling van sake van die dag wat dit onmoontlik maak om 'n onbevooroordeelde oordeel daarop na te hou. Belangrike gebeurtenisse of uitlatings van politieke persoonlikhede word deur koerante totaal verswyg wanneer dit nie in die kraam van die eie party pas nie.

**OPLOSSING**

Die oplossing vir hierdie toedrag van sake lê in die eerste plaas in die likwidering van die partypolitieke stelsel en die oorskakeling na 'n volksregeringstelsel waar die uitgangspunt samewerking sal wees en nie burger-oorlog nie. Intussen kan die toestand heelwat verlig word deur die daarstelling van 'n pers-beheerliggaam uit die beroep self wat volgens 'n kode van welvoeglikheid strenge toesig kan hou oor die pers — min of meer op die grondslag van die Mediese Raad, waar oortreders van die mediese kode tot verantwoording geroep kan word deur manne uit hul eie beroep.

## Engels Op H.N.P.-Kongres

'n Paar Engelssprekendes is met groot ophef verlede week op die H.N.P.-kongres in die Paarl verwelkom, en een van hulle, lt.-kol. Wynne, is verkies tot lid van die hoofraad van die party. Vir die eerste keer in die geskiedenis het dr. Malan op sy kongres 'n Engelse toespraak gehou.

# Moet Nog Steeds Protesteer Teen Aftakeling

**Die Wes-Duitse parlement het opnuut 'n beroep op die oorwinnaars gedoen om die aftakeling van fabrieke te beeindig. In sy antwoord op die debat het dr. Adenauer, die Kanselier, gesê dat die Geallieerdes moet besef dat dit nie blote propaganda aan hul kant is nie. „Julle kan Duitsland alleen dan by Wes-Europa inlyf as julle die Duitse volk oortuig dat dit julle oogmerk is."**

Die minister van arbeid, Anton Storch, het tydens die debat gesê dat die regering 'n beroep op Duitse arbeidskantore gedoen het om nie deel te neem aan die verskaffing van werkers vir aftakelingsdoeleindes nie. Hy het ook opdrag gegee dat werkers wat die aftakelingsgroepe verlaat, vrygestel moet word van die vereiste wagtydperk voordat hulle aan werkloosheidsbystand gehelp word.

Die Bundestag het met 'n oorweldigende meerderheid besluit om Berlyn in die praktyk te behandel as die twaalfde staat van die federale republiek en ook dat hy later weer die hoofstad moet word.

'n Eienaardigheid van die Bundestag-besluit in verband met aftakeling is die vrees van die Duitsers om beskuldig te word van „nasionalisme". In die besluit word naamlik gewaarsku dat aftakeling „'n nuwe nasionalisme kan laat ontstaan". Hierdie vrees herinner aan die houding van die leiers van die Boerevolk na sy verowering toe hulle hulself ook uitgesit het om die veroweraar te oortuig van hul gebrek aan volksgevoel — 'n strewe waaraan genl. Hertzog uiteindelik 'n end gemaak het.

# Beveg Kommuniste Op Hul Eie Terrein

**Die Katolieke in Italië, onder leiding van Luigi Gedda, is tans besig om die Kommuniste op hul eie terrein te beveg en het reeds groot sukses behaal. Hulle het begin deur 'n anti-kommunistiese werkersorganisasie te stig om die arbeiders in die vakbonde te verlos van die hiel van die Kommunistiese vakbond organisasie. Maar hulle het ook verder gegaan: As die Kommuniste 'n betoging hou, dan hou die Katolieke 'n groter een; rig die Kommuniste 'n eetplek op waar die honger kinders kos kan kry, rig die Katolieke 'n beter een op; loods die Kommuniste 'n propagandaveldtog, dan stuur die Katolieke 'n doeltreffender een van stapel.**

Die Katolieke het in 6,000 Italiaanse dorpe die stryd teen die Kommuniste aangegord en daar word op landswye manier georganiseer. Elke dorp het Katolieke kringleiers en bevelvoerders wat die bevele van bo uitvoer in die poging om die Kommuniste stap vir stap terug te druk deur hulle op hul eie terrein te beveg, aangesien dit blyk dat wetgewing alleen nie genoeg is om Kommunisme uit te delg nie.

**PLAN**

Die strateeg agter die plan om die Kommuniste te fnuik is 'n bruingebrande Katoliek met die naam van Gedda, en dit is na hom wat die anti-kommuniste vandag opsien as daar teen die Kommuniste opgetree moet word. Hy noem sy plan „Plan S". Hy het begin deur 'n werkersorganisasie, die Vrye Federasie van Italiaanse Arbeid, in die lewe te roep wat moet dien as teenwig vir die Kommunisties-beheerde Konfederasie van Arbeid. Aanvanklik het hy hom ten doel gestel om die ledetal op 2,000,000 te bring. Op die oomblik tel die ledetal reeds 1,000,000 en hy het alle hoop dat as al die resultate ingekom het, die ledetal ver oor tweemiljoen sal wees.

**ORAL**

Die Katolieke aksie gaan uit in elke dorp, elke fabriek en in elke gemeenskap. Die agente is almal mense wat in strategiese posisies verkeer, soos onderwysers, advokate en werkers in fabrieke.

Ten einde 'n houvas te kry op die volk het die Kommuniste eetplekke begin oprig waar kos goedkoop verskaf word. **Hierdie dienste het die Katolieke organisasie vèr oortref toe hulle met hul eie eetplekke begin het. Ook het hulle die kinders in vakansiekampe begin huisves en verlede jaar het meer as 1,000,000 kinders somerkampe bygewoon.**

Onlangs het die anti-Kommuniste 'n groot betoging gehou. Hiervoor het die Katolieke aksie-eenheid die luidsprekers, die platform, die busse en al die ander vervoergeriewe verskaf. Tydens die vergadering is Kommuniste uitgenooi om sake soos die veroordeling van kardinaal Mindzenty goed te praat en met Katolieke te argumenteer. Daarby word Katolieke vroue aangemoedig om hul Kommunistiese mans te bearbei.

**AKSIE**

Maar propaganda alleen is nie genoeg om die Kommuniste die nek in te slaan nie, en daarom word daar met tasbare dade voor die dag gekom. Toe die werkers by een fabriek onlangs vra dat hulle betaal word vir oortyd wat hulle werk, het die baas dit sonder meer geweier. Deur bemiddeling van die anti-kommuniste het hy daarna ingewillig om sy arbeiders vir oortyd te betaal met die gevolg dat een kwart van die arbeiders in die fabriek sonder meer by die anti-kommuinistiese vakbond-beweging aangesluit het.

'n Nuwe veldtog word reeds weer vir die lente beplan, naamlik om werkloosheid die hoof te bied. Maar die Kommuniste is nog baie ver van verslaan af en dit sal nog baie meer inspanning verg om hul volgelinge te verminder.

## Sowjet-Doel

**Die Britse prokureur-generaal, sir Hartley Shawcross, het verlede week gesê dat hy die versekering kan gee dat Rusland nie op die oomblik 'n oorlog met wapens begeer nie. „Hy hoop om sy doel van kommunistiese oorheersing te bereik deur middel van politieke insypeling en ekonomiese sabotasie."**

## Rooi Lus Verdwyn

Die Minister van Verdediging het aangekondig dat die rooi lus wat tydens die oorlog op die Suid-Afrikaanse militêre uniform aangebring is as teken van vrywillige diens buite die Unie se grense afgeskaf sal word. In die plek daarvan sal die woorde „S.A." op die skouer van die uniform verskyn. Genl. Smuts het die voorneme beween met 'n skerp aanval op die regering.

## Geweldige Leërmag Van Russe


Rusland het meer as 5,000,000 man onder wapen en is nog steeds besig om die getal te vermeerder, lui 'n verslag van een van die gesamentlike komitees van die Amerikaanse Senaat.

Sedert 1948 het Rusland sy militêre begroting met 19 persent vermeerder. Hierdie verklaring is deur die senaat se komitee insake buitelandse betrekkinge en gewapende dienste in verband met president Truman se program vir gewapende hulp gedoen.

Die gesamentlike komitee het verklaar dat die Russiese troepe in Duitsland van 70,000 na 100,000 vermeerder is. Verder het Rusland groter veiligheidsmaatreëls langs sy eie grens en die grense van sy onderhorige lande getref.

Hierdie beleid is, volgens die verslag, 'n opsetlike beleid en het nie tot stand gekom omdat Amerika die lewering van militêre hulp aan Wes-Europa onderneem het nie.

„DIE O.B." word gedruk deur Pro Ecclesia-Drukkery Beperk, Stellenbosch, vir die eienaars en uitgewers: VOORSLAG (Edms.) Beperk, Groote Kerkgebou 703, Posbus 1411, Kerkplein, Kaapstad.



So lewe die 12 miljoen vlugteling-gesinne in 'n groot deel van Duitsland . . . gesinne van professionele en eertyds welgestelde mense. *Hulle het ons hulp dringend nodig.*

***Help ons om te help!***

**D.A.H.A.**

**HOOPSTRAAT 105B, KAAPSTAD**